- (a) om ’n kennisgewing in die Provinsiale Koerant te plaas;
- (b) om afskrifte van sodanige kennisgewing aan belanghebbende groepe te verskaf; en
- (c) om die kennisgewing op kennisgewingborde van die Stad aan te bring;

“**Raad**” die Raad van die Stad of enige politieke struktuur, politieke ampsbekleër, raadslid of personeelid van die Stad, behoorlik deur delegasie gemagtig;

“**SABS**” die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaard waarna daar in die Wet op Standaard, 1993 (Wet Nr. 29 van 1993), verwys word;

“**SANS**” ’n standaard wat deur die SABS ingevolge die bepalings van die Wet op Standaard, 1993 (Wet Nr. 29 van 1993), gestel en uitgereik is;

“**Staatsinstelling**” beteken staatsinstelling soos in artikel 239 van die Grondwet gedefinieer

“**Stad**” die Stad Kaapstad, ingestel by Kennisgewing Nr. 479 van 2000 ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet Nr. 117 van 1998);

“**Stadsbestuurder**” ’n persoon wat deur die Raad as munisipale bestuurder aangestel is ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet Nr. 117 van 1998);

“**syferboorgat**” ’n pyp met ’n klein deursnee wat in los sand- of gruisformasies ingespuut is, met ’n pomp wat op grondvlak aangebring is vir die onttrekking en verspreiding van water;

“**Tariefbeleidverordening**”, die Stad Kaapstad: Tariefbeleidverordening, 2007;

“**verbindingspyp**” ’n pyp waarvan die eiendomsreg by die Stad berus en wat deur hom geïnstalleer is met die doel om water vanaf ’n hoofwaterpyp na ’n waterinstallasie te vervoer, en ook ’n “**kommunikasiepyp**” waarna in SANS 10252: 2004 Deel 1 verwys word;

“**verbruiker**” enige persoon wat water van ’n installasie gebruik wat aan ’n verbindingspyp gekoppel is en wat met water vanaf ’n hoofwaterpyp voorsien word;

“**voorgeskrewe bedrag**” ’n geld, bedrag of tarief wat deur die Raad ingevolge die Tariefbeleidverordening vasgestel en gevorder word;

“**water**” drinkbare water, tensy anders gemeld;

“**waterbestuurtoestel**” ’n toestel wat die hoeveelheid water beheer wat oor ’n sekere tydperk deur ’n watermeter vloei;

“**waterbewaring**” die handeling om water doeltreffend te bespaar of te gebruik;

“**waterdienste**” waterdienste soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Waterdienste, 1997 (Wet Nr. 108 van 1997), en ook die uitneem, vervoer, behandeling en verspreiding van drinkbare water, water wat bedoel is om in drinkbare water omskep te word of water vir kommersiële en nywerheidsgebruik;

“**waterdienstefasiliteit**” enige grond met infrastruktuur daarop wat deur die Stad aangebring is of gebruik word, of ’n opvangsgebied in verband met die voorsiening van water;

“**waterdienstetussenganger**” ’n persoon wat ingevolge ’n kontrak verplig is om waterdienste aan ’n ander persoon te verskaf waar die verpligting om waterdienste te verskaf bykomend is tot die hoofdoel van daardie kontrak;

“**waterinstallasie**” die pype en watertoebehore geleë op ’n perseel waarvan die eiendomsreg by die eienaar daarvan berus en wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word vir waterverbruik op sodanige perseel, en ook—

- (a) ’n pyp en watertoebehore geleë buite die grens van die perseel, wat óf aansluit by ’n verbindingspyp ten opsigte van sodanige perseel óf met die toestemming van die Stad gelê is; en
- (b) ’n “**verbruikersinstallasie**”, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Waterdienste, 1997 (Wet Nr. 108 van 1997); en

“**watervoorsieningstelsel**” die strukture, waterleidings, pype, kleppe, pompe, meters of ander apparaat wat daarmee verband hou, waarvan die eiendomsreg by die Stad berus en wat gebruik word in verband met die voorsiening van water, en ook enige gedeelte van die stelsel.

Toepassing en doel

2. (1) Hierdie Verordening is van toepassing op alle persele wat binne die regsgebied van die Stad geleë is.
- (2) Tensy die teendeel bewys word, word ’n oortreding van hierdie Verordening wat op ’n perseel begaan word ten opsigte van—
 - (a) die waterinstallasie, buiten ’n bepaling wat op die gebruik van water in die installasie betrekking het, geag ’n oortreding deur die eienaar van die perseel te wees; en
 - (b) die gebruik van water in ’n waterinstallasie, geag ’n oortreding deur die verbruiker te wees.
- (3) Daar word nie van ’n eienaar vereis om ’n waterinstallasie of gedeelte daarvan aan te pas om aan hierdie Verordening te voldoen nie indien dit geïnstalleer is in ooreenstemming met ’n wet wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Verordening in werking was behalwe vir die bepalings van artikel 3(1) en item 15 van Bylae 1.
- (4) Water mag binne die regsgebied van die Stad slegs ingevolge die bepalings van hierdie Verordening voorsien word.
- (5) Waar dit nie redelik moontlik of koste-effektief is om aan elke verbruiker in ’n bepaalde gebied water te voorsien nie, kan die Direkteur, in oorleg met die Uitvoerende Direkteur: Stadsgegesondheid, ’n alternatiewe manier van watervoorsiening bepaal.
- (6) Indien die Direkteur ingevolge subartikel (5) ’n alternatiewe manier van watervoorsiening bepaal het, is hierdie Verordening van toepassing op die voorsiening van water aan sodanige gebied, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy of sy bepaal.
- (7) Indien die Stad van ’n eksterne waterdiensteverkaffer gebruik maak, bly hierdie Verordening van toepassing en bly die Raad die regulerende owerheid.

Bevoegdhede van die Direkteur

3. (1) Die Direkteur kan die eienaar by skriftelike kennisgewing aansê om binne ’n spesifieke tydperk aan die bepalings van hierdie Verordening te voldoen indien die waterinstallasie of gedeelte daarvan op ’n perseel—
 - (a) gebrekkig is;
 - (b) in so ’n toestand of ligging is dat dit watervermorsing of onnodige watergebruik veroorsaak of waarskynlik sal veroorsaak; of

- (c) in 'n toestand of ligging is waar dit besoedeling van die watertoevoer of 'n gesondheid- of veiligheidsrisiko veroorsaak of waarskynlik sal veroorsaak.
- (2) Die Direkteur moet met die Uitvoerende Direkteur: Stadsgeondheid oorleg pleeg in alle gevalle van 'n moontlike gesondheidsrisiko of besoedeling van die omgewing.
- (3) Indien die Direkteur rede het om te glo dat 'n waterinstallasie in so 'n mate gebrekkig is dat dit 'n gesondheid- of veiligheidsrisiko vir okkupeerders van die perseel kan skep of veroorsaak, kan hy of sy vereis dat die waterinstallasie op koste van die eienaar getoets of ontsmet word.
- (4) Die Direkteur kan, vir enige doel wat met die implementering of toepassing van hierdie Verordening in verband staan, te alle redelike tye of te eniger tyd in 'n noodgeval—
- 'n perseel betree;
 - inligting versoek;
 - sodanige inspeksie en ondersoek as wat hy of sy nodig ag, uitvoer; en
 - vir sodanige doel enige watertoebehore van die waterinstallasie in werking stel.

Diensvlakke

4. (1) Die Stad kan van tyd tot tyd en in ooreenstemming met nasionale beleid, maar onderworpe aan beginsels van volhoubaarheid en bekostigbaarheid, by openbare kennisgewing die diensvlakke bepaal wat hy aan verbruikers kan voorsien.
- (2) Die Stad kan by die bepaling van diensvlakke tussen verskillende tipes verbruikers, geografiese gebiede en sosio-ekonomiese gebiede onderskei.
- (3) Behoudens die bepalings van subartikel (1), kan die Stad die volgende diensvlakke daarstel:
- gemeenskaplike watervoorsieningsdienste, wat—
 - die minimum vlak van dienslewering is wat die Stad verskaf;
 - bestaan uit 'n netwerk staanpype of 'n vaste watertenk, bedien deur 'n netwerkpyp of tenkwa wat binne redelike loopafstand vanaf enige huishouding geplaas is;
 - gratis aangelê word;
 - gratis aan verbruikers gelewer word, en
 - deur die Stad in stand gehou word.
 - erfaansluitings wat nie aan 'n waterinstallasie gekoppel is nie, wat—
 - bestaan uit 'n ongemeterde staanpyp op 'n perseel wat nie aan 'n waterinstallasie gekoppel is nie;
 - gratis aangelê word; en
 - deur die Stad in stand gehou word.
 - 'n gemeterde waterdrukaansluiting—
 - wat teen betaling van die voorgeskrewe bedrag geïnstalleer is;
 - wat teen betaling van die voorgeskrewe bedrag verskaf word; en
 - waarvan die waterinstallasies deur die verbruiker in stand gehou word.

Delegasie

5. Die Direkteur of 'n gemagtigde beampte kan, onderworpe aan die goedkeuring van die Direkteur, enige van sy of haar bevoegdhede of pligte wat ingevolge hierdie Verordening aan hom of haar verleen of opgelê is, aan enige ander beampte van die Stad deleger.

Betreding van waterdienstefasiliteite

6. 'n Persoon wat 'n waterdienstefasiliteit betree moet enige opdrag van die Direkteur ten opsigte van die gebruik en voorwaardes van toegang tot die terrein, wat deur middel van 'n kennisgewing by die ingang aangebring is, nakom.

Dreigende noodgevalle en toestande wat dringend aandag verg

7. (1) Die Direkteur kan, in geval van dreigende noodgevalle of situasies wat dringend aandag verg, enige redelike maatreëls tref om sodanige dreigende noodgevalle of situasies te voorkom of uit te skakel.
- (2) Wanneer 'n dreigende noodgeval of situasie, soos in subartikel (1) bedoel, op privaatgrond plaasvind, kan die Direkteur—
- die eienaar by skriftelike kennisgewing aansê om sodanige maatreëls te tref as wat nodig mag wees om sodanige dreigende noodgeval of situasie te voorkom of uit te skakel; of
 - indien die eienaar nie opgespoor kan word nie of versuim om onmiddellik te voldoen aan 'n voorskrif van die Direkteur, sodanige maatreëls tref as wat nodig mag wees om die dreigende noodgeval of situasie te voorkom of uit te skakel.
- (3) Indien die noodgeval in 'n waterinstallasie ontstaan, is die eienaar van sodanige waterinstallasie aanspreeklik vir die koste wat die Stad aangaan.
- (4) In die geval van stappe wat gedoen is, soos in subartikel (2)(b) bedoel, moet die Direkteur die Stadsbestuurder onverwyld daarvan in kennis stel.
- (5) Indien stappe dringend nodig is om watervermorsing, skade aan eiendom, lewensgevaar of waterbesoedeling te voorkom, kan die Direkteur—
- sonder voorafgaande kennis die watertoevoer na enige perseel afsny; en
 - sodanige perseel betree en sodanige noodwerk op koste van die eienaar verrig, en die eienaar ook by skriftelike kennisgewing aansê om binne 'n gespesifiseerde tyd sodanige bykomende werk te verrig as wat hy of sy nodig ag.

Plig van die publiek

8. (1) Enige lid van die publiek wat bewus word van 'n noodgeval of dreigende situasie wat dringend aandag verg of 'n situasie wat watervormorsing of besoedeling tot gevolg kan hê, moet die Direkteur onmiddellik daarvan verwittig.

(2) Enige persoon wat die Direkteur verwittig soos in subartikel (1) bedoel en wat nie geïdentifiseer wil word nie, kan versoek dat sy of haar naam nie in enige daaropvolgende aksie openbaar word nie.

Verhaal van koste

9. (1) Enige persoon wat die bepalings van hierdie Verordening oortree, is aanspreeklik om die Stad te vergoed vir enige verlies of skade wat die Stad as gevolg van sodanige oortreding ly.

(2) Die Stad kan enige koste wat hy redelikerwys aangegaan het om enige maatreël ingevolge hierdie Verordening te tref, verhaal van enige persoon op wie 'n regsplig gerus het om daardie maatreëls te tref, insluitend—

- (a) 'n persoon aan wie 'n voldoeningskennisgewing beteken is;
- (b) die eienaar van die betrokke perseel; of
- (c) die verbruiker.

(3) Die Direkteur kan 'n kennisgewing uitreik wat 'n persoon wat aanspreeklik is vir die koste aangegaan ingevolge subartikel (1), aansê om sodanige koste te betaal op 'n datum wat in sodanige kennisgewing vermeld word, en sodanige kennisgewing dien as prima facie-bewys van die verskuldigde bedrag.

Voldoeningskennisgewings

10. (1) Indien 'n gemagtigde beampte bevind dat 'n bepaling van hierdie Verordening oortree word of dat 'n toestand ontstaan het wat moontlik tot 'n oortreding van hierdie Verordening kan lei, kan sodanige gemagtigde beampte 'n voldoeningskennisgewing uitreik aan die verbruiker of die betrokke eienaar of die persoon wat die bepalings van hierdie Verordening oortree het of moontlik gaan oortree.

(2) 'n Voldoeningskennisgewing uitgereik ingevolge subartikel (1) moet die volgende vermeld:

- (a) die bepaling van hierdie Verordening wat oortree word of oortree gaan word indien die toestand toegelaat word om voort te duur;
- (b) die maatreëls wat getref moet word om die toestand te herstel; en
- (c) die tydperk waarbinne daar aan sodanige kennisgewing voldoen moet word.

(3) Indien 'n persoon aan wie 'n voldoeningskennisgewing ingevolge subartikel (2) beteken is, versuim om aan die vereistes van sodanige kennisgewing te voldoen, kan die gemagtigde beampte, op koste van die verantwoordelike persoon, sodanige stappe doen as wat nodig mag wees om die toestand reg te stel of enige ander noodsaaklike handeling verrig wat nodig geag word om voldoening te verseker.

Verantwoordelikheid vir nakoming van Verordening

11. (1) Die eienaar is daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat hierdie Verordening nagekom word ten opsigte van alle aangeleenthede wat met die waterinstallasie en die instandhouding daarvan verband hou.

(2) Die verbruiker is verantwoordelik vir die nakoming van hierdie Verordening ten opsigte van aangeleenthede wat met die gebruik van water verband hou.

Hoofstuk 2**Bepalings in verband met die voorsiening van water****Ongemagtigde gebruik van water**

12. (1) Niemand mag water uit die watervoorsieningstelsel gebruik nie—

- (a) tensy 'n ooreenkoms waarna in artikel 13 of 14 verwys word, aangegaan is;
- (b) behalwe deur middel van 'n kommunikasiepyp wat ingevolge artikel 21 of 'n brandkraan wat ingevolge artikel 30 verskaf is; of
- (c) behalwe deur middel van 'n gemeterde watervoorsieningspunt wat spesifiek deur die Stad vir die voorsiening van water geïnstalleer is.

(2) Indien diefstal van water plaasgevind het, kan die Direkteur—

- (a) indien sodanige water nie deur 'n meter gegaan het wat deur die Stad geïnstalleer of verskaf is nie, enige redelike metode aanwend om die tydperk te bereken waartydens bewese diefstal van water plaasgevind het; en
- (b) die hoeveelheid water waarvoor die Stad vergoeding kan eis waar bewese diefstal plaasgevind het, bepaal, die Direkteur moet die maksimum vloeitempo van 'n watermeter wat voldoen aan die regulasies wat met betrekking tot watermeters kragtens die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet Nr. 77 van 1973), gepubliseer is en wat dieselfde grootte in deursnit het as die pyp waaruit die ongemagtigde water onttrek is, gebruik.

Aansoek om die voorsiening van water

13. (1) Water word nie uit die watervoorsieningstelsel aan 'n nuwe perseel voorsien nie tensy die eienaar by die Stad daarom aansoek gedoen het en sodanige aansoek deur die Direkteur goedgekeur is.

(2) 'n Aansoek om watervoorsiening wat deur die Direkteur goedgekeur is, maak 'n ooreenkoms tussen die Stad en die eienaar uit en neem 'n aanvang op die datum in die aansoek vermeld.

(3) Die eienaar is aanspreeklik vir alle gelde ten opsigte van die voorsiening van water soos ingevolge die Tariefbeleidverordening bepaal totdat die toevoer op versoek van die eienaar onderbreek word of die ooreenkoms ingevolge artikel 18 beëindig is, en die eienaar word vir alle doeleindes gedurende die bestaan van die ooreenkoms geag die verbruiker te wees.

(4) 'n Aansoek moet ten minste die volgende inligting bevat:

- (a) 'n verklaring dat die aansoeker bewus is van die inhoud van die ooreenkoms en dit verstaan;
- (b) aanvaarding deur die aansoeker van die bepalings van hierdie Verordening en aanvaarding van aanspreeklikheid vir die koste van die watervoorsiening totdat die ooreenkoms beëindig word;
- (c) die naam van die aansoeker en sy of haar identiteitsnommer;
- (d) die adres of erfnummer van die perseel waaraan en waarop water voorsien moet word;
- (e) die adres waarheen rekeninge gestuur moet word;
- (f) die doel waarvoor die water gebruik gaan word;
- (g) die ooreengekome datum waarop watervoorsiening sal begin; en
- (h) 'n onderneming deur die aansoeker om die Stad in kennis te stel van enige verandering aan bogenoemde inligting.

(5) Water word voorsien onderworpe aan die bepalings van hierdie Verordening en die voorwaardes wat die Direkteur stel.

(6) Die eienaar moet, wanneer die doel van watergebruik waarvoor in subartikel (4)(f) aansoek gedoen is of die omvang van waterverbruik waarvoor aansoek gedoen word, verander, die Stad onverwyld van die verandering in kennis stel en 'n nuwe ooreenkoms met die Stad sluit.

Oordrag van eienaarskap

14. (1) Die verkoper moet, voor oordrag van 'n eiendom, 'n sertifikaat van 'n geakkrediteerde loodgieter indien wat sertifiseer dat—

- (a) die waterinstallering aan die nasionale bouregulasies en hierdie Verordening voldoen;
- (b) daar geen foute is nie;
- (c) die watermeter registreer; en
- (d) daar geen stormwater in die rioolstelsel inloop nie.

(2) Die sertifikaat na verwys in subartikel (1) moet in die formaat van die vorm aangeheg as Bylae 4 wees.

Spesiale ooreenkomste vir watervoorsiening

15. (1) Die Stad kan 'n spesiale ooreenkoms aangaan om water aan 'n aansoeker buite die Stad te voorsien.

(2) Indien die Stad instem om water aan 'n aansoeker buite die Stad te voorsien soos in subartikel (1) bedoel, kan hy sodanige aansoeker toelaat om sodanige water aan ander persone te verkoop, onderworpe aan sodanige voorwaardes wat hy goed vind.

Pype in strate of openbare plekke

16. Niemand mag sonder vooraf skriftelike toestemming van die Direkteur en onderworpe aan sodanige voorwaardes wat hy of sy mag stel of enige ander toepaslike wet, 'n pyp of bybehorende komponent op, in of onder 'n straat, openbare plek of ander grond wat aan die Stad behoort of onder sy beheer is, aanlê of bou met die doel om water afkomstig van water bron ook al te vervoer nie.

Gelde

17. Alle gelde wat betaalbaar is en op watervoorsiening deur die Stad betrekking het, moet in ooreenstemming met die Tariefbeleidverordening wees.

Beëindiging van ooreenkomste

18. (1) 'n Eienaar kan 'n ooreenkoms vir die voorsiening van water beëindig deur die Stad minstens sewe dae skriftelik kennis te gee van sy of haar voorneme om dit te doen.

(2) Die Direkteur kan, deur minstens 14 dae skriftelik kennis te gee, 'n eienaar in kennis stel van die beëindiging van sy of haar ooreenkoms vir die voorsiening van water indien sodanige eienaar—

- (a) geen water gedurende die voorafgaande ses maande gebruik het nie en nie reëlins tot bevrediging van die Direkteur getref het vir die voortsetting van die ooreenkoms nie;
- (b) versuim het om die bepalings van hierdie Verordening na te kom en, na die uitreiking van 'n kennisgewing, versuim het om sodanige versuim reg te stel; of
- (c) versuim het om enige gelde verskuldig en betaalbaar ingevolge die Tariefbeleidverordening te betaal.

(3) Die Direkteur kan 'n ooreenkoms vir die voorsiening van water beëindig indien die perseel waarop sodanige ooreenkoms betrekking het, ontruim is.

Inmenging met die watervoorsieningstelsel

19. Niemand behalwe die Stad mag, tensy ingevolge hierdie Verordening gemagtig—

- (a) infrastruktuur behorende aan die Stad vir die voorsiening van waterdienste bestuur, mee peuter of belemmer, bedryf of in stand hou nie; of
- (b) 'n aansluiting aan die watervoorsieningstelsel maak nie.

Versperring van toegang tot die watervoorsieningstelsel

20. Niemand mag beamptes van die Stad se toegang tot die watervoorsieningstelsel verhinder of belemmer nie.

Verskaffing van kommunikasiepyp

21. (1) Niemand mag met enige ontwikkeling op 'n perseel begin nie tensy die Direkteur 'n verbindingspyp en meter aangelê het.

(2) Indien 'n ooreenkoms vir watervoorsiening ten opsigte van 'n perseel aangegaan is maar geen kommunikasiepyp of kommunikasiepyp van 'n gepaste grootte vir die perseel aangelê is nie, moet die eienaar op die voorgeskrewe vorm aansoek doen vir die installering van so 'n pyp en die voorgeskrewe bedrag, soos ingevolge die Tariefbeleidverordening bepaal, betaal.

(3) Die Direkteur bepaal—

- (a) die deursnit van die kommunikasiepyp aan die hand van die inligting wat die aansoeker ten tye van die aansoek verskaf het;
- (b) die ligging van die kommunikasiepyp;
- (c) die eindpunt van die kommunikasiepyp binne die grens van die grond wat aan die Stad behoort of waarop hy 'n serwituut of ander reg het;
- (d) die soort koppeling wat vir die aansluiting gebruik moet word; en
- (e) die materiaal waarvan daardie gedeelte van die waterinstallasie tussen die kommunikasiepyp en die eienaar se isoleerklep waarna in artikel 51 verwys word, gemaak moet word en hoe sodanige gedeelte aangelê moet word.

(4) Indien aansoek gedoen word vir die voorsiening van water aan 'n perseel wat sodanig geleë is dat dit 'n uitbreiding van die watervoorsieningstelsel verg alvorens water aan die perseel voorsien kan word, kan die Direkteur die uitbreiding goedkeur onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy of sy kan stel.

(5) Die eienaar moet op eie sy of haar eie koste die koppeling tussen die waterinstallasie en die kommunikasiepyp of—pype wat die perseel bedien, aanbring, tensy die Direkteur anders aandui.

(6) Die eienaar moet die gedeelte van die waterinstallasie waarna in subartikel (3)(e) verwys word, sodanig vasheg dat dit nie kan beweeg nie.

(7) Tensy die Direkteur andersins instem, mag slegs een kommunikasiepyp aan 'n perseel verskaf word, ongeag die getal wooneenhede, sake-eenhede of verbruikers op sodanige perseel.

(8) Die Direkteur kan, onderworpe aan sodanige voorwaardes wat hy of sy kan stel, instem tot die aansluiting by 'n hoofwaterpyp elders as wat gereedlik beskikbaar is vir die voorsiening van water aan die perseel; met dien verstande dat die eienaar verantwoordelik is vir enige uitbreiding van die waterinstallasie tot by die aansluitingspunt wat die Direkteur aangedui en goedgekeur het en vir die verkryging, op sy of haar koste, van sodanige serwitute op ander eiendom as wat nodig mag wees.

(9) Totdat die voldoeningstifikaat waarna in artikel 48(1)(c) verwys word, deur die Stad ontvang is, sal water nie aan 'n waterinstallasie deur middel van 'n kommunikasiepyp wat vir boudoeleindes aangelê is, voorsien word nie, en indien so 'n stifikaat nie ontvang is nie, kan die Direkteur die watertoevoer aan daardie waterinstallasie afsny of inkort.

(10) Indien die Direkteur van mening is dat die grootte van die bestaande kommunikasiepyp 'n onvoldoende hoeveelheid water aan 'n perseel lewer, kan hy of sy by skriftelike kennisgewing die eienaar aansê om die voorgeskrewe bedrag te betaal vir die verwydering van die bestaande kommunikasiepyp en die aanlê van 'n kommunikasiepyp van 'n geskikte grootte.

(11)(a) Waar 'n amptelike onderverdelingsversoek voorgelê is, kan die Direkteur by skriftelike kennisgewing die eienaar van 'n perseel wat in afsonderlike wooneenhede verdeel is, aansê om op sy of haar eie koste en binne die tydperk in die kennisgewing vermeld—

- (i) die waterinstallasie wat enige een eenheid bedien aan te pas sodat dit afsonderlik en onafhanklik is van die waterinstallasie wat enige ander eenheid bedien;
- (ii) aansoek te doen vir 'n kommunikasiepyp wat elke eenheid bedien; en
- (iii) die waterinstallasie waarna in paragraaf (i) verwys word, aan die kommunikasiepyp waarna in paragraaf (ii) verwys word, te koppel.

(b) Die Direkteur kan die eienaar van die eenheid waarna in paragraaf 11(a)(i) verwys word, skriftelik kennis gee dat hy of sy ingevolge artikel 13 aansoek moet doen vir die voorsiening van water.

(12) Indien die Direkteur van voorneme is om 'n kommunikasiepyp te vervang, moet hy of sy die eienaar nie minder nie as 10 werksdae skriftelik kennis gee van die datum waarop die koppeling tussen die waterinstallasie en die nuwe kommunikasiepyp sal plaasvind.

(13) Wanneer 'n perseel van 'n aantal kommunikasiepepe voorsien word, kan die Direkteur gelas dat die eienaar op sy of haar koste die getal aansluitingspunte verminder en die waterinstallasie dienooreenkomstig aanpas.

Aansluiting tussen persele

22. 'n Eienaar van 'n perseel moet verseker dat daar geen aansluitings tussen die waterinstallasie op die perseel en die waterinstallasie op 'n ander perseel is nie, tensy die eienaar vooraf skriftelik goedkeuring by die Direkteur verkry het en enige voorwaardes wat die Direkteur gestel het, nagekom het.

Verskaffing en plasing van isoleerklepe

23. (1) Die Direkteur moet 'n isoleerklep tussen elke meter en hoofwaterpyp aanbring.

(2) Die eienaar moet, op sy of haar eie koste en vir sy of haar uitsluitlike gebruik, 'n isoleerklep verskaf en aanbring—

- (a) in die geval van 'n meter wat op die perseel aangebring is, by 'n geskikte plek aan sy of haar kant van die meter; of
- (b) in die geval van 'n meter wat buite die perseel aangebring is, by 'n geskikte plek onmiddellik binne die grens van sy of haar perseel,

met dien verstande dat, indien die eienaar sou versuim om dit te doen, die Direkteur 'n isoleerklep op die koste van die eienaar kan verskaf en aanbring.

(3) Niemand mag sonder die goedkeuring van die Direkteur met die isoleerklep aan die kommunikasiepyp peuter nie.

Algemene voorsieningsvoorwaardes

24. (1) Die voorsiening van water deur die Stad maak nie 'n onderneming uit om te eniger tyd of op enige punt in die watervoorsieningstelsel—
- 'n ononderbroke toevoer;
 - 'n spesifieke druk of vloeitempo in sodanige toevoer; of
 - 'n spesifieke standaard van watergehalte,
- te handhaaf nie, met dien verstande dat indien die watertoevoer na 'n verbruiker vir langer as 24 uur onderbreek word, die Stad sal poog om so gou as wat redelik moontlik is 'n alternatiewe basiese watertoevoer te voorsien.
- (2) Die Direkteur kan bepaal op watter maksimum hoogte water vanuit die watervoorsieningstelsel voorsien sal word.
- (3) 'n Eienaar wat 'n ononderbroke toevoer, spesifieke druk of vloeitempo of spesifieke standaard van watergehalte op die perseel verlang, moet self reëlings tref om aan sodanige vereistes te voldoen.
- (4) Behoudens die bepalings van hierdie Verordening, kan die Stad sonder vooraf kennisgewing die watertoevoer na enige perseel onderbreek.
- (5) Indien die waterverbruik op 'n perseel die watervoorsiening aan 'n ander perseel nadelig raak, kan die Direkteur sodanige beperkings as wat hy of sy nodig ag op die voorsiening van water aan eersgenoemde perseel van toepassing maak om te verseker dat die ander perseel 'n redelike watertoevoer ontvang, en moet hy of sy die eienaar van eersgenoemde erf of gebruiker wat daarop woon van sodanige beperkings in kennis stel.
- (6) Die Direkteur kan 'n Waterbestuurtoestel op enige perseel as deel van die watermeter en sy bybehorende apparaat installeer om—
- watervraagbestuur aan te moedig; of
 - implementering van 'n bekostigbare benadering tot die verskaffing van toegang tot basiese waterdienste te verseker.
- (7) Indien 'n Waterbestuurtoestel op 'n perseel geïnstalleer is, kan 'n verbruiker versoek dat 'n ooreenkoms met die Direkteur aangegaan word om die drinkwatertoevoer aan sy of haar perseel op 'n voorafbepaalde daaglikse volume te stel.

Inkorting of afsny van toevoer

25. (1) Behoudens enige ander wet, kan die Stadsbestuurder, indien 'n eienaar versuim het om 'n bedrag verskuldig ingevolge die Tariefbeleidverordening te betaal, hom of haar skriftelik in kennis stel van die voorneme om—
- die huishoudelike toevoer op 'n bepaalde datum in te kort, en sodanige toevoer op of na daardie datum inkort sonder om toegang tot basiese waterdienste te weier; of
 - die watertoevoer aan alle ander nie-huishoudelike verbruikers op 'n bepaalde datum in te kort of af te sny, en die watertoevoer op of na daardie datum inkort of afsny.
- (2) Behoudens enige ander wet, kan die Direkteur 'n eienaar wat hierdie Verordening oortree en versuim het om sodanige oortreding reg te stel binne die tydperk vermeld in 'n skriftelike kennisgewing wat op hom of haar beteken is, by skriftelike kennisgewing verwittig van die voorneme om sy of haar watertoevoer op 'n bepaalde datum in te kort of af te sny, en sodanige toevoer op of na daardie datum inkort of afsny.
- (3) Die verbruiker of eienaar moet die gelde vir die inkorting of afsny en heraansluiting van die watertoevoer ingevolge die Tariefbeleidverordening betaal, met dien verstande dat al sodanige gelde betaal moet wees voordat die watertoevoer heraaangesluit sal word.
- (4) 'n Verbruiker wie se toegang tot watervoorsieningsdienste ingekort of afgesny is en dit onregmatig heraansluit, se toevoer sal na skriftelike kennisgewing afgesny word en hy of sy is aanspreeklik vir die koste wat deur die Stad aangegaan is.
- (5) Die Stad moet verseker dat geen huishoudelike verbruiker toegang tot basiese waterdienste ingevolge hierdie Verordening geweier word nie.

Onderbreking van toevoer op versoek van eienaar

26. (1) Die Direkteur kan, op skriftelike versoek van die eienaar van 'n perseel wat leegstaan of onbewoon is en op die verlangde datums—
- die watertoevoer na die perseel afsny of inkort; en
 - die watertoevoer heraansluit.
- (2) Die eienaar moet by goedkeuring van die versoek in subartikel (1) bedoel die voorgeskrewe bedrag betaal.

Verwydering van wateraansluiting

27. Die Direkteur kan 'n waterinstallasie by die kommunikasiepyp ontkoppel en die kommunikasiepyp verwyder indien—
- die ooreenkoms vir watervoorsiening ingevolge artikel 17 beëindig is en die Direkteur geen aansoek vir die verdere voorsiening van water aan die perseel wat deur die pyp bedien word, binne 'n tydperk van 90 dae na sodanige beëindiging ontvang het nie;
 - die gebou op die betrokke perseel gesloop is; of
 - die eienaar of okkupeerder onwettig ingemeng het met die watervoorsieningstelsel wat die betrokke perseel bedien.

Meting van water wat gelewer word

28. (1) Water wat aan 'n perseel voorsien word moet vloei deur 'n meter wat tussen die kommunikasiepyp en waterinstallasie en op 'n plek wat die Direkteur bepaal geïnstalleer is, met dien verstande dat dit nie nodig is om 'n meter aan te bring nie in die geval van—
- 'n outomatiese sprinkelbrandinstallasie;
 - 'n brandinstallasie ten opsigte waarvan maatreëls getref is om ongemagtigde wateraftapping vir ander doeleindes as brandbestryding op te spoor;
 - omstandighede soos deur die Direkteur bepaal; of
 - waar water deur 'n bestaande ongemeterde brandaansluiting verbruik word.

- (2) Die Direkteur kan, nadat die eienaar van die eiendom skriftelik in kennis gestel is van sy of haar voorneme om 'n meter in 'n bestaande ongemeterde brandaansluiting waarna daar in subartikel (1)(d) verwys word, op die koste van die Stad aan te bring, sodanige meter aanbring en daarna 'n rekening lewer vir water wat deur middel van die verbinding verbruik word.
- (3) 'n Meter en sy bybehorende apparaat wat deur Stad verskaf en aangebring is, bly die eiendom van die Stad en mag vervang word wanneer die Direkteur dit nodig ag.
- (4) Die Stad kan 'n meter en sy bybehorende apparaat aanbring op enige plek in—
- die waterinstallasie wat die perseel bedien; en
 - die verbindingspyp wat die perseel bedien.
- (5) Indien die Stad 'n meter en sy bybehorende apparaat ingevolge subartikel (4)(a) in die waterinstallasie aanbring—
- moet die eienaar 'n installasiepunt verskaf wat deur die Direkteur goedgekeur word;
 - moet die eienaar te alle tye onbeperkte toegang daartoe verseker;
 - is die eienaar verantwoordelik vir die beskerming daarvan en aanspreeklik vir die koste wat uit skade daaraan spruit, uitgesonderd skade as gevolg van normale slytasie;
 - moet die eienaar toesien dat geen aansluiting tussen die meter en die kommunikasiepyp wat die perseel bedien aan die pyp waarin die meter aangebring is, gemaak word nie;
 - moet die eienaar voorsiening maak vir die dreinerings van water wat in die loop van werk wat deur die Stad aan die meter gedoen word, mag lek uit die pyp waarin die meter aangebring is; en
 - mag die eienaar nie enige toebehore, masjien of toestel wat skade aan die watervoorsieningstelsel, wat die meter insluit, veroorsaak of waarskynlik sal veroorsaak, in enige waterinstallasie gebruik of toelaat dat dit gebruik word nie.
- (6) Slegs die Stad mag—
- 'n meter en sy bybehorende apparaat ontkoppel van die pyp waarin dit aangebring is;
 - 'n seël op 'n meter breek; of
 - op enige ander wyse met 'n meter en sy bybehorende apparaat inmeng.
- (7) Enige persoon wat subartikel 5(d) of (6) oortree, moet die koste van sodanige hoeveelheid water wat gelewer is, aan die Stad betaal.
- (8) Indien die Stad 'n meter saam met die sy bybehorende apparaat ingevolge subartikel (4)(b) installeer, is 'n dienspyp nie nodig nie en die waterinstallasie word dan geag te begin by die koppeling met die kommunikasiepyp, welke koppeling 150mm binne die grens moet wees van die grond waarvan die eiendomsreg by die Stad berus of waarop hy 'n serwituut of ander reg het.
- (9) Die Direkteur kan op koste van die eienaar 'n meter of toestel wat volume beheer aanbring of laat aanbring vir elke deel, sake- of wooneenheid op enige perseel om die hoeveelheid water wat aan elke deel, sake- of wooneenheid gelewer word, te bepaal.
- (10) Die Direkteur moet enige nodige instandhoudingswerk doen aan enige gedeelte van 'n dienspyp wat strek vanaf die verbindingspyp van die perseel tot by 'n meter en sy bybehorende apparaat wat binne sodanige perseel geleë is, ongeag of daardie gedeelte van die pyp deel uitmaak van die waterinstallasie, met dien verstande dat die eienaar die Direkteur vrye toegang tot hierdie pyp of meter moet gee en verantwoordelik is vir die herstel van die omliggende gebied na afhandeling van herstelwerk.
- (11) 'n Okkupeerder van 'n perseel moet, waar 'n meter ingevolge subartikel (4)(a) geïnstalleer is, die Stad onmiddellik verwittig wanneer 'n lek in 'n dienspyp of aan die meter en sy bybehorende apparaat opgemerk word.
- (12) Indien toegang tot 'n meter wat ingevolge subartikel (4)(a) geïnstalleer is, vir doeleindes van lesing geweier word, kan die Direkteur—
- by skriftelike kennisgewing aan die eienaar van die perseel hom of haar verwittig van die voorneme om 'n ander meter op die verbindingspyp op koste van die eienaar te installeer;
 - 'n rekening lewer vir die hoeveelheid water wat op sodanige perseel verbruik is, soos gemeet deur die meter wat op die verbindingspyp geïnstalleer is; en
 - die koste van die meter wat uit werking gestel is van die eienaar verhaal.
- (13) Indien toegang tot 'n meter wat ingevolge subartikel (4)(a) geïnstalleer is, vir doeleindes van lesing geweier word, is die eienaar vir die duur van sodanige weiering aanspreeklik vir die koste van die water wat vermors word as 'n lek op sodanige meter en sy bybehorende apparaat sou ontstaan of opmerklik is op daardie gedeelte van die dienspyp binne sodanige perseel, soos gemeet deur 'n meter wat ingevolge subartikel (12)(a) geïnstalleer is.
- (14) Indien 'n eienaar ingevolge artikel 42 'n plan vir die goedkeuring van 'n struktuur op die grens van die perseel by die Stad indien en die bestaande meter ingevolge subartikel (4)(a) geïnstalleer is, moet sodanige eienaar by goedkeuring van sodanige plan aansoek doen en die voorgeskrewe gelde betaal om die meter van sy of haar perseel te laat verwyder en 'n nuwe meter op die verbindingspyp te laat installeer.
- (15) Indien 'n eienaar ingevolge artikel 42 'n plan vir die goedkeuring van wysigings of uitbreidings aan 'n bestaande ongemeterde brandinstallasie indien, moet sodanige eienaar na oorweging van die hersiene installasie en by goedkeuring van sodanige plan, aansoek doen dat die Stad 'n meter, volgens die grootte en tipe wat die Direkteur voorskryf, as deel van die aansluiting tot sodanige perseel installeer, en die toepaslike bedrag betaal.
- (16) Indien 'n eienaar ingevolge artikel 42 'n plan vir die goedkeuring van wysigings en uitbreidings aan 'n bestaande gemeterde brandinstallasie indien, moet hy of sy, na oorweging van die hersiene installasie en by goedkeuring van die plan, aansoek doen dat die Stad 'n meter, volgens die grootte en tipe wat die Direkteur voorskryf, as deel van die aansluiting tot sodanige perseel installeer, en die voorgeskrewe bedrag betaal.
- (17) Indien die Direkteur bepaal dat voorsiening gemaak moet word vir afsonderlike wateraansluitings vir 'n drinkwaterinstallasie en 'n brandinstallasie op dieselfde perseel, kan standaardwatermeters vir sodanige aansluitings geïnstalleer word.
- (18) Indien die Direkteur bepaal dat 'n gekombineerde huishoudelike waterinstallasie en brandinstallasie, wat brandkrane insluit, aan 'n perseel verskaf moet word, moet 'n kombinasie-meter of ander soortgelyke meter om lae vloeiempo's op te spoor, op sodanige aansluiting geïnstalleer word.
- (19) 'n Afsonderlike kommunikasiepyp moet vir elke outomatiese sprinkelstelsel aangelê en gebruik word.
- (20) Wanneer die eienaar of die persoon in beheer of bestuur van enige perseel waarop daar 'n aantal wooneenhede is, 'n watertoevoer na sodanige perseel verlang sodat elke eenheid 'n afsonderlike watertoevoer kan kry, kan die Direkteur—
- 'n enkel meter vir die perseel as 'n geheel of enige getal sodanige wooneenhede; of

- (b) 'n afsonderlike meter, op die grens van die eiendom waarvan die eiendomsreg by die Stad berus, vir elke wooneenheid of enige getal wooneenhede verskaf en installeer.

(21) Indien die Direkteur 'n enkel meter geïnstalleer het, soos bedoel in subartikel (20)(a), moet die eienaar of die persoon in beheer of bestuur van die perseel aan elke takpyp vanaf die kommunikasiepyp tot by die onderskeie wooneenheid—

- (a) 'n afsonderlike meter; en
(b) 'n isoleerklap,

installeer en in stand hou, en is hy of sy teenoor die Stad aanspreeklik vir die betaling van die voorgeskrewe bedrae vir alle water wat deur 'n enkel meter aan die perseel gelewer word, ongeag die onderskeie hoeveelhede water wat die verskillende verbruikers wat deur sodanige meter bedien word, verbruik het.

Hoeveelheid water wat gelewer word

29. (1) Vir doeleindes van raming van die hoeveelheid water wat gedurende 'n bepaalde tydperk deur 'n meter gelewer word, word dit geag, tensy die teendeel bewys kan word, dat—

- (a) die hoeveelheid aangedui word deur die verskil tussen die meterlesings wat aan die begin en einde van sodanige tydperk geneem is;
(b) die meter tydens sodanige tydperk akkuraat geregistreer het; en
(c) die inskrywings in die rekords van die Stad korrek is,

met dien verstande dat indien water gelewer of geneem word sonder dat dit deur 'n meter vloei, die hoeveelheid sodanige water wat die Direkteur raam, geag word korrek te wees.

(2) Die Direkteur kan 'n hoeveelheid water wat in die tussenpose tussen opeenvolgende lesings van die meter gelewer is, raam en 'n rekening aan 'n verbruiker lewer vir die hoeveelheid water wat aldus geraam is.

Watervoorsiening met 'n munisipale brandkraan

30. (1) Die Direkteur kan, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy of sy stel, 'n tydelike watertoevoer vanuit 'n brandkraan toelaat.

(2) 'n Persoon wat 'n tydelike watertoevoer ingevolge subartikel (1) verlang, moet daarvoor aansoek doen op die wyse voorgeskryf in artikel 13.

Herverkoop van water

31. (1) Niemand aan wie water ingevolge hierdie Verordening voorsien word, mag sodanige water herverkoop nie, tensy—

- (a) voorsiening daarvoor gemaak is in 'n spesiale ooreenkoms waarna in artikel 15 verwys word; of
(b) hy of sy vooraf die skriftelike toestemming van die Direkteur verkry het.

(2) Indien die Direkteur die toestemming verleen waarna in subartikel (1)(b) verwys word, kan hy of sy die maksimum prys stipuleer waarteen water herverkoop mag word, soos deur die Stad bepaal, en sodanige ander voorwaardes stel wat hy of sy goed ag.

(3) Toestemming waarna daar in subartikel (1)(b) verwys word, kan te eniger tyd ingetrek word.

(4) Die herverkoop van water is bedoel om die koste te dek van die voorsiening van water—

- (a) aan ander munisipaliteite;
(b) aan die Hawe-owerheid van Suid-Afrika;
(c) aan die Lughawemaatskappy van Suid-Afrika;
(d) in gevalle waar die Stad nie direkte toegang tot 'n eiendom kan verkry nie;
(e) indien die uitbreiding van die Stad se netwerk om 'n eiendom te bedien nie dadelik onderneem kan word nie; of
(f) indien 'n grootmaat-hoofwaterpyp oor 'n eiendom loop wat nie deur 'n ander waterdienste-owerheid bedien kan word nie.

(5) Die voorsiening van water deur 'n verhuurder aan 'n huurder maak nie 'n herverkoop van water kragtens hierdie Verordening uit nie.

(6) Enige gelde vir water wat deur die verhuurder verhaal word, moet in ooreenstemming wees met die heersende tarief van die Raad en mag dit nie oorskry nie.

Foutiewe meters

32. (1) Indien 'n verbruiker rede het om te glo dat 'n meter foutief is, kan hy of sy teen betaling van die voorgeskrewe bedrag aansoek doen dat die meter getoets word.

(2) Die voorgeskrewe bedrag waarna in subartikel (1) verwys word, word—

- (a) deur die Stad behou indien kragtens subartikel (3), (4) of (5) bevind word dat die meter nie foutief is nie; of
(b) aan die aansoeker terugbetaal indien bevind word dat die meter foutief is.

(3) 'n Meter waarop die regulasies betreffende watermeters, uitgevaardig kragtens die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet Nr. 77 van 1973), van toepassing is, word geag foutief te wees indien, wanneer dit ooreenkomstig sodanige regulasies getoets word, bevind word dat die persentasie afwyking by 'n oor- of onderregistrasie groter is as wat toelaatbaar is vir 'n meter in gebruik ingevolge daardie regulasies.

(4) 'n Meter waarop die regulasies waarna in artikel (3) verwys word nie van toepassing is nie, word geag foutief te wees indien bevind word dat die persentasie afwyking by 'n oor- of onderregistrasie groter is as wat toelaatbaar is volgens SABS 1529:1999 Deel 4 en SANS 1525:1999 Deel 1, of wysigings daarvan.

(5) Indien 'n meter opgehou het om te funksioneer en nie die verbruik wat daardeur vloei registreer nie, word dit geag foutief te wees.

Raming van hoeveelheid water met foutiewe meter aan verbruiker gelewer

33. (1) Wanneer 'n meter ingevolge artikel 31(3), (4) of (5) foutief bevind word, kan die Direkteur die hoeveelheid water wat aan die verbruiker gelewer is gedurende die tydperk waarin die meter foutief was, raam volgens die gemiddelde daaglikse hoeveelheid water gelewer gedurende—

- (a) 'n tydperk tussen twee opeenvolgende meterlesings nadat die meter vervang is;
- (b) 'n tydperk in die vorige jaar wat ooreenstem met die tydperk waartydens die meter foutief was; of
- (c) die tydperk tussen drie opeenvolgende meterlesings voordat die meter foutief geword het,

watter een die Direkteur ook al die gepaste ag.

(2) Indien die hoeveelheid water wat aan 'n verbruiker gelewer is gedurende die tydperk waarin 'n meter foutief was, nie ingevolge subartikel (1) geraam kan word nie, kan die Direkteur die hoeveelheid raam volgens enige ander metode wat beskikbaar is.

(3) Die verbruiker moet ingelig word van die metode wat die Direkteur gebruik het om die hoeveelheid water wat aan hom of haar gelewer is te raam, soos bedoel in subartikel (1) of (2), en die geleentheid gegun word om vertoë tot die Direkteur te rig voordat 'n finale raming gemaak word.

Aanpassing van hoeveelheid water gelewer met foutiewe meter

34. (1) Die hoeveelheid water wat met 'n foutiewe meter gelewer is, moet aangepas word vir die tydperk soos in artikel 33 bepaal.

(2) Vir die doeleindes van die aanpassing van die hoeveelheid water ingevolge subartikel (1), word dit geag dat dieselfde hoeveelheid water tydens elke interval van vier en twintig uur gelewer is gedurende die tydperk waarna in subartikel (1) verwys word.

(3) 'n Eienaar is nie geregtig op 'n vermindering van die bedrag betaalbaar vir water wat in 'n waterinstallasie as gevolg van sigbare lekkes vermors of verspil word nie.

(4) Kortings word slegs toegestaan vir ondergrondse lekkes en waar die herstel van sodanige lekkes visueel deur 'n beampte van die Stad bevestig is.

Spesiale meting

35. (1) Indien die Direkteur, vir ander doeleindes as om gelde vir water wat verbruik is te vorder, die hoeveelheid water wat in 'n gedeelte van 'n waterinstallasie gebruik word wil bepaal, kan hy of sy die eienaar by skriftelike kennisgewing verwittig van sy of haar voorneme om 'n meettoestel by 'n plek in die waterinstallasie wat hy of sy aanwys, te installeer.

(2) Die installering van 'n meettoestel waarna in subartikel (1) verwys word, die verwydering daarvan en die herstel van die waterinstallasie na sodanige verwydering word op koste van die Stad uitgevoer.

(3) Die bepalinge van artikel 28(5)(b) en (6) geld, waar van toepassing, ten opsigte van 'n meettoestel wat ingevolge subartikel (1) geïnstalleer is.

(4) Die Stad kan, na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die eienaar en onderworpe aan 'n reëling vir die betaling van die toepaslike voorgeskrewe bedrag, die meter op ander tyd of dag as waarop dit normaalweg gelees word, lees om die hoeveelheid water wat gelewer is te bepaal.

Hoofstuk 3**Waterbeperkings en waterbewaring****Waterbeperkings**

36. (1) Die Direkteur kan, wanneer daar 'n skaarste aan water vir verspreiding en voorsiening aan verbruikers is, of om enige ander goeie rede, by openbare kennisgewing—

- (a) verbied of beperk, die waterverbruik in die Stad of 'n deel daarvan—
 - (i) in die algemeen of vir spesifieke doeleindes;
 - (ii) gedurende spesifieke tye van die dag of op spesifieke dae;
 - (iii) op 'n spesifieke metode,
- (b) beperkings bepaal en oplê op die hoeveelheid water wat gedurende 'n spesifieke tydperk verbruik mag word;
- (c) beperkings instel of 'n verbod plaas op die gebruik of metode van gebruik van sekere toestelle deur middel waarvan water gebruik of verbruik word, of op die aansluiting van sodanige toestelle by die waterinstallasie; en
 - (a) spesiale tariewe ten opsigte van waterbeperkings, bepaal ingevolge die Tariefbeleidverordening, instel.

(2) Die Direkteur kan die toepassing van die bepalinge van 'n kennisgewing bedoel in subartikel (1) tot 'n spesifieke gebied of kategorieë verbruikers, persele en aktiwiteite beperk en kan op redelike gronde afwykings, vrystellings en die verslapping van enige van sodanige bepalinge toelaat, met dien verstande dat daar nie afgewyk mag word van die tariewe waarna in subartikel (1)(d) verwys word nie.

(3) Die Direkteur kan 'n verbruiker gelas om op eie koste sodanige maatreëls, waaronder die aanbring van meters en toestelle vir die beperking van watervloei, te tref wat nodig mag wees om voldoening aan 'n kennisgewing bedoel in subartikel (1) te verseker.

(4) Die Direkteur—

- (a) kan, in geval daar versuim word om te voldoen aan die bepalinge van 'n kennisgewing waarna daar in subartikel (1) verwys word, vir sodanige tydperk wat hy of sy goed ag, die watertoevoer na enige perseel staak of beperk; en
- (b) moet, wanneer die watertoevoer ingevolge paragraaf (a) gestaak is, dit slegs herstel nadat die bedrag vir die staking en heraansluiting van die toevoer betaal is.

(5) Die bepalinge van hierdie artikel geld ook ten opsigte van water wat die Stad direk aan verbruikers buite die Stad voorsien, ondanks enigiets tot die teendeel wat in die voorwaardes van sodanige voorsiening vervat is, tensy anders bepaal in die kennisgewing bedoel in subartikel (1).

Vermorsing van water

37. (1) Niemand mag opsetlik, nalatiglik of verkwistend—

- (a) water vanuit aansluitwatertoebehore uitlaat of toelaat dat dit uitgelaat word nie;
- (b) toelaat dat pype of watertoebehore lek nie;
- (c) watertoebehore wat nie reg aangepas is nie of defek is, gebruik of toelaat dat dit gebruik word nie;
- (d) die oorloop van water laat voortduur nie; of
- (e) water doeltreffend gebruik of 'n ondoeltreffende gebruik van water laat voortduur nie.

(2) 'n Eienaar moet enige gedeelte van die waterinstallasie wat in so 'n toestand van verval is dat dit 'n gebeurlikheid gemeld in subartikel (1) veroorsaak of waarskynlik sal veroorsaak, herstel of vervang.

(3) Indien 'n eienaar versuim om aan subartikel (2) te voldoen, kan die Direkteur sodanige maatreëls tref as wat hy of sy goed ag en die koste van die eienaar verhaal.

(4) (a) 'n Verbruiker moet verseker dat enige toerusting of toestel wat aan die waterinstallasie gekoppel is, water doeltreffend benut.

(b) Die Direkteur kan by skriftelike kennisgewing die gebruik van enige toerusting in 'n waterinstallasie wat ondoeltreffend of verkwistend is, verbied.

(5) Wanneer die gebruik van toerusting ingevolge subartikel (4)(b) verbied is, mag sodanige toerusting nie weer in gebruik gestel word nie alvorens die doeltreffendheid daarvan herstel is en die Direkteur 'n skriftelike aansoek om dit te doen goedgekeur het.

Waterbewaring en wateraanvraagbestuur

38. 'n Eienaar of verbruiker moet voldoen aan die goeie waterbewaring- en wateraanvraagbestuurspraktyke soos uiteengesit in Bylae 1.

Hoofstuk 4**Waterdienstetussengangers****Registrasie**

39. Die Raad kan by openbare kennisgewing vereis dat waterdienstetussengangers of klasse waterdienstetussengangers by die Stad registreer op 'n wyse in die openbare kennisgewing vermeld.

Verskaffing van waterdienste

40. (1) Waterdienstetussengangers moet verseker dat waterdienste, insluitende basiese dienste soos deur die Raad bepaal, verskaf word aan diegene aan wie die tussenganger verplig is om waterdienste te verskaf.

(2) Die gehalte, hoeveelheid en volhoubaarheid van waterdienste wat deur 'n waterdienstetussenganger verskaf word, moet minstens van dieselfde standaard wees as wat die Stad aan verbruikers verskaf.

Bedrae gevorder vir die verskaffing van waterdienste

41. (1) 'n Waterdienstetussenganger mag nie bedrae vir waterdienste vorder teen 'n prys wat nie aan die norme en standaarde wat die Direkteur mag stel, voldoen nie.

(2) 'n Waterdienstetussenganger moet gesubsidieerde waterdienste, soos deur die Raad ingevolge die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleidverordening bepaal en deur die Stad aan verbruikers gelewer, teen 'n prys lewer wat dieselfde of minder is as die voorgeskrewe bedrae waarteen die Stad sodanige dienste lewer.

Hoofstuk 5**Goedkeuring van planne****Prosedure vir die goedkeuring van planne**

42. (1) Indien 'n eienaar 'n nuwe waterinstallasie wil installeer, moet hy of sy eers die skriftelike goedkeuring van die Direkteur daartoe verkry op planne wat vir ondersoek voorgelê moet word; met dien verstande dat goedkeuring nie nodig is vir die herstel of vervanging van 'n bestaande pyp of watertoebehore nie, buiten 'n vaste waterverwarmer en sy bybehorende beskermingstoestelle, in welke geval slegs 'n kennisgewing vereis word.

(2) Aansoek om die goedkeuring waarna in subartikel (1) verwys word, moet op die voorgeskrewe vorm gedoen word en moet vergesel wees van—

- (a) die voorgeskrewe bedrag; en
- (b) die voorgeskrewe aantal afskrifte van die tekening van die beoogde werk waarna in artikel 45 verwys word.

(3) Die bepalinge van subartikels (1) en (2) is nie van toepassing op 'n geregistreerde kontrakteur wat 'n vaste waterverwarmer en sy bybehorende beskermingstoestelle vervang nie.

(4) Die skriftelike goedkeuring wat ingevolge subartikel (1) gegee word, verval, behoudens artikel 43, na afloop van 'n tydperk van 24 maande na die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die skriftelike goedkeuring gegee is.

(5) Volledige besonderhede van enige beoogde waterbewaring- en waterbestuurstelsel soos 'n gryswaterstelsel, lugversorger of aftapping vir spoeltoilette moet die bouplanne vergesel.

Verlenging van goedkeuringstydperk

43. Die Direkteur kan, op skriftelike aansoek van die eienaar, voordat die betrokke oorspronklike tydperk verval het en onderworpe aan die betaling van die voorgeskrewe bedrag, van tyd tot tyd die geldigheidstydperk van die goedkeuring wat ingevolge artikel 42 verleen is, vir 'n tydperk wat nie 12 maande op 'n keer oorskry nie, verleng onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy of sy goed ag.

Tekeninge

44. (1) Tensy die Direkteur skriftelik anders bepaal het, moet tekeninge op velle wees wat nie kleiner as A4 is nie en moet inligting verskaf word in die vorm wat vereis word deur klousule 4.1.1 van SANS 10252: 2004, Deel 1, waarvan 'n afskrif by die Direkteur verkry kan word.

(2) Indien die besonderhede van die waterinstallasie op meer as een verdieping identies is, hoef sulke besonderhede slegs ten opsigte van een verdieping geteken te word.

(3) Indien meer as een waterinstallasie in 'n gebou geïnstalleer gaan word, kan sodanige installasies op dieselfde tekening aangetoon word, met dien verstande dat hulle duidelik onderskei word.

(4) 'n Bylae wat die getal van elke tipe aansluitwatertoehore en die grootte daarvan aandui, moet saam met elke tekening of stel tekeninge voorsien word.

Afskrifte van tekeninge moet op perseel gehou word

45. Totdat die Direkteur die voldoeningstifikaat wat ingevolge artikel 48 voorgelê moet word, ontvang het, moet 'n volledige stel goedgekeurde tekeninge van die installasiewerk te alle tye beskikbaar wees op die perseel waar gewerk word.

Ongemagtigde werk

46. Indien installasiewerk strydig met artikel 42 gedoen is, kan die Direkteur by skriftelike kennisgewing die eienaar van die betrokke perseel aansê om binne 'n gespesifiseerde tydperk aan die bepalings van daardie artikel te voldoen en, indien die werk nog nie voltooi is nie, om sodanige werk te staak, en kan die eienaar voorts aansê om alle werk wat nie aan die bepalings van hierdie Verordening voldoen nie, te verwyder.

Hoofstuk 6**Installasiewerk deur loodgieters**

47. (1) Niemand wat nie ingevolge die bepalings van die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995 (Wet Nr. 58 van 1995), gekwalifiseer en geakkrediteer is nie, mag—

- (a) installasiewerk waarvoor goedkeuring ingevolge artikel 42 nodig is, doen nie;
- (b) 'n vaste waterverwarmer of sy bybehorende beskermingstoestelle vervang nie;
- (c) 'n waterinstallasie, brandinstallasie of opgaartenk inspekteer, ontsmet en toets nie; of
- (d) 'n terugvloei-spender ingevolge artikel 54 versien, herstel of vervang nie.

(2) Die Direkteur kan 'n register hou van gekwalifiseerde persone waarna in subartikel (1) verwys word.

Verantwoordelikhede van 'n eienaar van eiendom

48. (1) 'n Eienaar van eiendom moet toesien dat die installasiewerk wat op sy of haar perseel gedoen word—

- (a) deur 'n gekwalifiseerde persoon of loodgieter, gekwalifiseer of geakkrediteer soos in artikel 47, uitgevoer word;
- (b) aan die bepalings van hierdie Verordening voldoen; en
- (c) dat by voltooiing daarvan, 'n voldoeningstifikaat aan die Direkteur voorgelê word.

(2) Indien installasiewerk strydig met artikel 47 gedoen word, kan die Direkteur by skriftelike kennisgewing die eienaar van die betrokke perseel aansê om sodanige werk te staak totdat hy of sy 'n gekwalifiseerde loodgieter in diens het om—

- (a) sodanige werk te inspekteer en enige deel daarvan wat nie aan die bepalings van hierdie Verordening voldoen nie, reg te stel;
- (b) die werk ingevolge die bepalings van artikel 49 te toets en te ontsmet; en
- (c) toe te sien dat 'n voldoeningstifikaat, wat meld dat die werk wat gedoen is aan die bepalings van hierdie Verordening voldoen, aan die Direkteur voorgelê word.

Hoofstuk 7**Ontsmetting****Ontsmetting van waterinstallasies, insluitende opgaartenks**

49. (1) 'n Eienaar moet 'n nuwe waterinstallasie met water van die watervoorsieningstelsel laat deurspoel totdat helder water by alle aansluitwatertoehore uitloop.

(2) Indien die pype van 'n waterinstallasie wat aan 'n hoofwaterpyp gekoppel is besmet raak, moet dit ontsmet word in ooreenstemming met SANS 10252:2004, Deel 1 of soos gewysig.

(3) Die eienaar van 'n perseel waarop 'n opgaartenk geïnstalleer is, moet minstens een keer elke vyf jaar sodanige tenk laat leegloop, inspekteer en ontsmet in ooreenstemming met die toepaslike standaard gestel in SANS 10252:2004 Deel 1 of soos gewysig.

(4) Ondanks die bepalings van subartikel (3)—

- (a) kan die Direkteur, indien die water in die opgaartenk of in die waterinstallasie wat deur die tenk bedien word, nie geskik vir gebruik is nie, by skriftelike kennisgewing die eienaar aansê om die tenk onverwyld te laat leegloop en inspekteer; en

- (b) indien 'n tenk oorstrom of op enige manier onderhewig is aan 'n toestand wat die inhoud daarvan kon besoedel, moet die eienaar die tenk onverwyld laat leegloop en inspekteer.
- (5) Voordat 'n tenk of die waterinstallasie wat dit bedien waarna in subartikel (3) verwys word, weer in gebruik geneem word, moet dit skoongemaak en ontsmet word in ooreenstemming met die toepaslike standaard gestel in SANS 10252:2004 Deel 1 of soos gewysig.

Hoofstuk 8

Algemene vereistes vir waterinstallasies

Voorsiening en instandhouding van waterinstallasies

50. (1) 'n Eienaar moet die waterinstallasie op sy of haar eie koste verskaf en in stand hou en moet, behalwe—

- (a) in die geval van 'n koppeling aan 'n kommunikasiestelsel; of
- (b) waar dit ingevolge artikel 19 toegelaat word,

toesien dat die installasie binne die grense van die perseel geleë is.

(2) Voordat werk in verband met die instandhouding van 'n gedeelte van die waterinstallasie wat buite die grense van die perseel geleë is, 'n aanvang neem, moet 'n eienaar die skriftelike goedkeuring van die Direkteur of die eienaar van die grond waarop sodanige gedeelte geleë is, verkry.

Aanvaarde pype en watertoebehore

51. (1) Niemand mag 'n pyp of watertoebehore in 'n waterinstallasie installeer of gebruik nie tensy dit gelys, geïnstalleer, gebruik of toegevoeg is in ooreenstemming met die voorwaardes wat in Bylae 2 gestel word.

(2) Ondanks die bepaling van subartikel (1), kan die Direkteur vir 'n spesifieke gebruik in 'n spesifieke installasie die installing van 'n pyp of watertoebehore wat nie by die Bylae 2 ingesluit is nie, toelaat.

(3) Die Direkteur kan, ten opsigte van 'n pyp of watertoebehore wat by Bylae 2 ingesluit is, sodanige voorwaardes stel as wat hy of sy ten opsigte van die gebruik of installeringsmetode daarvan nodig ag.

(4) Die Direkteur kan te eniger tyd 'n pyp of watertoebehore uit Bylae 2 verwyder indien die pyp of watertoebehore—

- (a) nie meer voldoen aan die kriteria waarop die insluiting daarvan baseer was nie; of
- (b) nie meer geskik is vir die doel waarvoor die gebruik daarvan aanvaar is nie.

(5) Die Direkteur moet afskrifte van Bylae 2, soos ingevolge hierdie Verordening bygewerk, gedurende werkure by die Stad se kantore beskikbaar stel.

(6) 'n Pyp of watertoebehore sal nie by Bylae 2 ingesluit word nie, tensy dit—

- (a) die standaardisasiemerk van die SABS ten opsigte van die toepaslike SANS-spesifikasie wat deur die Buro uitgereik is, op het;
- (b) 'n sertifiseringsmerk op het wat deur die SABS uitgereik is om te sertifiseer dat die pyp of watertoebehore voldoen aan 'n SABS-merkspesifikasie of 'n voorlopige spesifikasie wat deur die SABS uitgereik is, met dien verstande dat geen sertifiseringsmerke vir 'n tydperk wat twee jaar oorskry, uitgereik moet word nie;
- (c) ingesluit is by die lys van watertoebehore wat deur die SABS aanvaar is; of
- (d) vir die Direkteur aanvaarbaar is.

Ontwerpkriteria vir waterinstallasies

52. (1) 'n Eienaar moet toesien dat—

- (a) waterinstallasies voldoen aan die toepaslike standaard wat deur SANS 10252:2004 Deel 1 of soos gewysig gestel is;
- (b) warmwatersilinderinstallasies voldoen die toepaslike standaard wat deur SANS 10252:2004 Deel 1 of soos gewysig gestel is;
- (c) sonverhitte waterinstallasies voldoen aan die toepaslike standaard wat deur SANS 10252:2004 Deel 1 of soos gewysig gestel is;
- (d) die opgaar van 'n minimum hoeveelheid water wat vir ander doeleindes as brandbestryding of lugversorging gebruik gaan word, in ooreenstemming met Tabel 1 van Bylae 3 verskaf word;
- (e) die opgaar van 'n minimum hoeveelheid water wat gebruik gaan word om spoeltoilette en urinale in kommersiële en nywerheidspersele te spoel, in ooreenstemming met Tabel 2 van Bylae 3 verskaf word;
- (f) die ontwerp van opgaartenks in ooreenstemming met die toepaslike standaard wat deur SANS 10252:2004 Deel 1 of soos gewysig gestel is en met artikel 53 is;
- (g) die gebruik van pype wat water aan 'n installasie voorsien, in ooreenstemming met die toepaslike standaard wat deur SANS 10252:2004 Deel 1 of soos gewysig gestel is en met Bylae 3 is;
- (h) daar onmiddellik stroomaf van die isoleerklep waarna in artikel 28(21)(b) verwys word, 'n terugslagklep van dieselfde grootte as die dienspyp geïnstalleer word; en
- (i) waar die doeltreffendheid van funksionele kleppe of aansluitwatertoebehore benadeel kan word deur die deurgang van vaste stowwe wat funksionele kleppe of aansluitwatertoebehore kan verstop of beskadig, 'n pyplynfilter aangebring word in 'n posisie wat instandhouding vergemaklik.

(2) Die Direkteur kan, op aansoek van 'n eienaar en by betaling van die voorgeskrewe bedrag, die drukwaarde in die watervoorsieningstelsel met betrekking tot sy of haar perseel oor so 'n tydperk as wat die eienaar versoek, bepaal en aan die eienaar verstrek.

(3) Indien 'n pyp of watertoebehore van 'n bepaalde tipe nie geskik is vir gebruik in 'n bepaalde situasie nie, kan die Direkteur by skriftelike kennisgewing aan die eienaar—

- (a) die gebruik daarvan verbied; of

- (b) vereis dat aanvaarbare beskermingsmaatreëls getref word.
- (4) Niemand mag watertoebehore of apparaat wat die watervoorsieningstelsel of 'n ander waterinstallasie as gevolg van drukstuwings beskadig of moontlik kan beskadig by 'n waterinstallasie aansluit nie.
- (5) Indien magtiging voor die aanvangsdatum van hierdie Verordening gegee is vir installasiewerk, of indien gemagtigde werk aan die gang is op sodanige datum, moet sodanige werk voldoen aan enige wette oor sodanige werk wat in plek was in die Stad voor sodanige datum.
- (6) Enige ooreenkoms vir die verskaffing van water wat tussen die Stad en 'n verbruiker wat nie die eienaar van die betrokke perseel is nie, aangegaan is voor die aanvang van hierdie Verordening, sal van krag bly tot sodanige tyd wat—
- (a) die verbruiker die perseel ontruim; of
- (b) daar 'n verandering die titel van die eienaar van die perseel is
- waarna die Stad 'n ooreenkoms met die eienaar van die perseel sal aangaan.

Opgaartenks

- 53.** (1) Enige persoon wat 'n opgaartenk installeer, moet dit in so 'n posisie installeer dat die binne- en buitekante daarvan gereedelik geïnspekteer, skoongemaak en in stand gehou kan word, tensy dit 'n betonreservoir is wat ondergronds begrawe of gedeeltelik in die grond ingesink is en ontwerp, opgerig en getoets is in ooreenstemming met die toepaslike standaard wat deur SANS 10252:2004 deel I, of soos gewysig, gestel is, waar slegs die binnekant toeganklik vir inspeksie- en skoonmaakdoeleindes is.
- (2) Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die Direkteur 'n tenk wat begrawe of in die grond geplaas is, gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir die ontvangs of opgaar van water wat deur die Stad voorsien word nie.
- (3) Enige persoon wat 'n opgaartenk gebruik om water van drinkbare gehalte op te gaan, moet toesien dat—
- (a) die tenk en sy bybehorende pypwerk van 'n ontwerp is wat besmetting verhoed en in ooreenstemming met die vereistes van die Direkteur is;
- (b) die oorlooppepe en ontlugters van 'n besmettingbestande tenk afgeskerm is om te voorkom dat insekte, diere en ander bronne van besoedeling dit binnekom;
- (c) 'n besmettingbestande tenk heeltemal toe is met geen ander toegang na die binnekant nie behalwe 'n toegangspaneel in die kant daarvan om inspeksie en skoonmaak te vergemaklik en wat op so 'n hoogte moet wees dat die tenk nie gebruik kan word nie tensy die inspeksiepaneeldeksel in plek is; en
- (d) die tenk en sy bybehorende pypwerk ingevolge SANS 10252-1 skoongemaak en in stand gehou word.
- (4) Tensy dit skriftelik deur die Direkteur gemagtig is, moet elke ketel, stoomketel of ander apparaat wat stoom opwek, gasontwikkelaar, gasenjinn of olie-enjin of enige ander apparaat waarin of waardeur water gebruik word wat deur die Stad voorsien word, slegs voorsien word deur middel van 'n kouewatertoevoertenk met 'n tussenruimte om die inkomende water van die hoofwaterpyp en die inhoud van die tenk te skei.

Voorkoming van waterbesoedeling

- 54.** (1) 'n Eienaar moet maatreëls wat deur die Direkteur goedgekeur is instel en handhaaf om te verhoed dat 'n stof wat 'n gesondheidsgevaar kan skep of die drinkbaarheid van water nadelig kan beïnvloed—
- (a) die watervoorsieningstelsel; en
- (b) enige gedeelte van die waterinstallasie op sy of haar perseel
- binnegaan.
- (2) Die Direkteur moet in elke geval die gepaste mate waarin terugvloei verhoed moet word, goedkeur.

Hoofstuk 9 Brandinstallasies

Brandinstallasies

- 55.** (1) 'n Eienaar moet toesien dat—
- (a) slangtolle en brandkraaninstallasies voldoen aan die toepaslike standaard wat deur SANS 10252:2004 Deel 1, of soos gewysig, gestel is; en
- (b) outomatiese sprinkelstelsels voldoen aan die toepaslike standaard wat deur SANS 10252:2004 Deel 1, of soos gewysig, gestel is.
- (2) Die Direkteur kan 'n aansoek om 'n brandbestrydingsinstallasie aan die hoofwaterpyp te koppel, toestaan of weier.
- (3) Geen water sal aan 'n brandbestrydingsinstallasie voorsien word—
- (a) sonder 'n voldoeningstifikaat wat ingevolge artikel 47 uitgereik is nie; en
- (b) tensy die installasie aan die vereistes van hierdie Verordening voldoen nie.
- (4) Die Direkteur kan, indien 'n brandbestrydingsinstallasie wat aan 'n hoofwaterpyp gekoppel is nie in goeie werkende toestand gehou word of andersins nie behoorlik in stand gehou word nie of vir ander doeleindes as brandbestryding gebruik word, vereis dat die installasie van die hoofwaterpyp ontkoppel word of dit op koste van die eienaar ontkoppel.
- (5) Wanneer dit ook al nodig is om die druk in 'n brandbestrydingstelsel te verhoog, moet die eienaar 'n tweeledige pypstelsel installeer; een vir brandbestrydingsdoeleindes en die ander een vir algemene huishoudelike gebruik.
- (6) Alle pype en toebehore moet in staat wees om 'n druk wat 1800 kPa oorskry te hanteer, indien sodanige druk verwag kan word as die druk verhoog word en moet in staat wees om hulle integriteit in brandtoestande te behou.
- (7) 'n Afsonderlike verbindingspyp moet vir elke sprinkelbrandblusstelsel geïnstalleer en gebruik word.

- (8) Die Direkteur moet bepaal of meters op outomatiese sprinkelstelsels geïnstalleer moet word.
- (9) Geen brandinstallasie of gekombineerde huishoudelike en brandinstallasie mag 'n plastiekpyp of veellaagplastiekpyp bogronds insluit nie.

Hoofstuk 10

Diverse bepalings betreffende nie-drinkbare water

Gebruik van water uit ander bronne as die munisipale watervoorraad

- 56.** (1) Niemand mag water wat uit 'n ander bron as die Stad se watervoorraadstelsel afkomstig is, vir huishoudelike doeleindes gebruik nie.
- (2) Niemand mag water wat uit 'n ander bron as die Stad se watervoorraadstelsel verkry is aan enige waterspreidingstelsel koppel nie tensy die vooraf skriftelike goedkeuring van die Direkteur verkry is, en dan slegs in ooreenstemming met die voorwaardes soos deur hom of haar bepaal.
- (3) Enige eienaar van 'n perseel waarop 'n waterbron geleë is, soos 'n syferboorgat, boorgat of put moet binne 14 dae nadat hy of sy aangesê is om dit te doen, die Direkteur van sodanige besonderhede met betrekking tot die waterbron as wat verlang word, voorsien.
- (4) 'n Eienaar van 'n perseel soos bedoel in subartikel (3) moet, wanneer hy of sy versoek word om dit te doen, op eie koste die Direkteur voorsien van sodanige ontleed- en bakteriologiese ondersoek-sertifikate ten opsigte van waterbronne op daardie perseel as wat hy of sy vereis.
- (5) Die Direkteur kan enige toestemming wat ingevolge subartikel (1) verleen is, intrek indien—
- 'n voorwaarde wat ingevolge daardie subartikel gestel is, nie nagekom word nie; of
 - die water nie meer aan die vereistes wat deur die Direkteur gestel is, voldoen nie.
- (6) Die bepalings van hierdie artikel stel 'n persoon nie vry van nakoming van die toepaslike bepalings van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet Nr. 36 van 1998), of enige ander tersaaklike wetgewing nie.

Putte, boorgate, syferboorgate en uitgrawings

- 57.** Elke eienaar van 'n perseel moet toesien dat enige put, boorgat, syferboorgat of ander uitgraving wat op sy of haar perseel geleë is—
- toereikend beveilig word sodat dit nie 'n gesondheidsgevaar skep nie;
 - nie op so 'n manier gevul of met materiaal opgevol word dat dit kan veroorsaak dat 'n aanliggende put, boorgat of ondergrondse waterbron besoedel of besmet word nie; en
 - nie verbind word met 'n waterinstallasie wat van die hoofwaterpyp voorsien word en enige ander waterbron nie.

Kennisgewing van sink of grawe van boorgate, putte en syferboorgate

- 58.** (1) Niemand mag 'n put, syferboorgat of boorgat sink of grawe of toelaat dat dit gesink of gegrawe word nie, tensy die Direkteur minstens 14 dae skriftelike kennis van sy of haar voorneme om dit te doen, gee is.
- (2) Die kennisgewing bedoel in subartikel (1) moet die beoogde plek en doel waarvoor die water gebruik gaan word, vermeld.
- (3) Indien water wat uit 'n boorgat of ander bron verkry word op enige perseel gebruik word vir 'n doel wat daartoe kan lei dat sodanige water of 'n deel daarvan in die Stad se rioolstelsel gaan uitloop, moet die eienaar 'n meter volgens die Stad se spesifikasie installeer in die pyp wat van sodanige boorgat of ander bron loop na die plek of plekke waar dit aldus gebruik word.
- (4) Die Direkteur kan die eienaar van enige perseel binne 'n gebied van die Stad waarop 'n boorgat geleë is of, indien die eienaar nie so 'n perseel bewoon nie, die okkuperder, by skriftelike kennisgewing aansê om hom of haar kennis te gee van die bestaan van 'n boorgat op sodanige perseel en hom of haar te voorsien van sodanige inligting omtrent die boorgat wat hy of sy vereis.
- (5) Die Direkteur kan vereis dat 'n studie op koste van die eienaar gedoen word ten einde vas te stel watter impak die beoogde put, boorgat of syferboorgat op die welstand van die gemeenskap kan hê.

Voorsiening van nie-drinkbare water deur die Stad

- 59.** (1) Die Direkteur kan, op aansoek ingevolge artikel 13 en onderworpe aan enige ander wet, nie-drinkbare water aan 'n verbruiker voorsien op sodanige voorwaardes as wat hy of sy goed vind.
- (2) Enige water wat ingevolge die bepalings van subartikel (1) voorsien word, mag nie gebruik word vir huishoudelike doeleindes of enige ander doeleindes wat tot 'n gesondheidsgevaar aanleiding kan gee nie.

Vrywaring ten opsigte van die gehalte van nie-drinkbare water

- 60.** (1) Geen waarborg, hetsy uitdruklik of stilswyend, is van toepassing op die suiwerheid van enige nie-drinkbare water wat deur die Stad voorsien word of op die geskiktheid daarvan vir die doel waarvoor die voorsiening toegestaan is nie.
- (2) Die gebruik van nie-drinkbare water is uitsluitlik op die risiko van die verbruiker, en die Stad is nie aanspreeklikheid vir enige gevolgskaad of verlies wat direk of indirek uit die gebruik daarvan voortspruit nie.

Waarskuwingskennisgewings

- 61.** (1) 'n Eienaar van 'n perseel waarop nie-drinkbare water gebruik word, moet toesien dat elke aansluitwatertoebehore en elke toestel wat water voorsien of gebruik duidelik met 'n weerbestande kennisgewing gemerk is wat aandui dat sulke water nie vir huishoudelike doeleindes geskik is nie.
- (2) In 'n gebied waar behandelde riooluitvloei gebruik word, moet die verbruiker op opvallende plekke weerbestande kennisgewings aanbring wat aandui dat sulke water nie vir huishoudelike doeleindes geskik is nie.
- (3) Elke waarskuwingskennisgewing waarna in subartikels (1) en (2) verwys word, moet in die drie amptelike tale wat in die Provinsie gebruik word, wees.

Besproeiingstelsels

62. Wanneer 'n nuwe besproeiingstelsel wat van 'n bestaande huishoudelike aansluiting of ander bestaande besproeiingskoppeling voorsien word, geïnstalleer word—

- (a) moet die bestaande verbinding deur die Stad nagegaan word; en
- (b) moet alle materiaal wat in die stelsel gebruik word, aan SABS-vereistes voldoen.

Hoofstuk 11**Algemene bepalings****Appèlle**

63. 'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit wat geneem is ingevolge 'n bevoegdheid of plig wat ingevolge hierdie Verordening gedelegeer of gesubdelegeer is, kan teen daardie besluit appelleer ooreenkomstig artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000).

Misdrywe en strawwe

64. Enige persoon wat—

- (a) 'n bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (b) versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing of wettige opdrag wat ingevolge hierdie Verordening uitgereik of gegee is; of
- (c) 'n gemagtigde verteenwoordiger of werknemer van die Stad in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie Verordening dwarsboom of hinder,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens vyf jaar, of met beide sodanige boete en gevangenisstraf.

Vrystelling van aanspreeklikheid

65. Die Stad is nie aanspreeklik vir skade of vergoeding wat spruit uit enigiets wat regmatig in goeie trou deur hom of 'n beambte of werknemer van hom ingevolge hierdie Verordening gedoen is nie.

Herroeping

66. Die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2006, word hiermee herroep.

Kort titel

67. Hierdie Verordening heet die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010.

BYLAE 1**Waterbewaring en wateraanvraagbestuur**

(Artikel 38)

- 1 Niemand mag sonder die vooraf skriftelike magtiging van die Direkteur 'n tuin, sportveld, park of ander grasbedekte gebied tussen die ure 10:00 en 16:00 met drinkbare water natmaak nie.
- 2 Indien 'n tuinslang gebruik word om 'n tuin, park of sportveld uit 'n drinkbare waterbron nat te maak, moet 'n beheertoestel soos 'n sproeier aan die spuitpunt gekoppel word.
- 3 Niemand mag sonder die vooraf skriftelike magtiging van die Direkteur water uit drinkbare bron gebruik om 'n harde oppervlak of plaveisel af te spuit nie.
- 4 'n Tuinslang wat gebruik word vir die was van voertuie, bote en woonwaens moet met 'n outomatiese selfsluitende toestel toegerus wees.
- 5 Outomatiese byvulstelsels wat 'n vlotterklep wat van 'n drinkbare waterbron gevoer word, gebruik om swembaddens en tuinpoele van water te voorsien, word nie toegelaat nie.
- 6 Kommersiële motorwasserye moet voldoen aan bedryfsbesteprikynorme met betrekking tot watergebruik per motor gewas.
- 7 Handwasbakke in openbare geriewe moet toegerus wees met aanvraag-tipe krane.
- 8 Storte in openbare geriewe moet toegerus wees met aanvraag-tipe kleppe.
- 9 Drinkbare water mag nie gebruik word om bousand en ander boumateriaal te benat om te verhoed dat dit wegwaai nie.
- 10 Aftapkrane op staanpype moet op 'n hoogte van minstens 450mm, gemeet bokant grondvlak, wees.
- 11 Die maksimum vloeiempo van enige kraan wat in 'n handwasbak aangebring is, mag nie meer as 6 liter per minuut wees nie.
- 12 Die maksimum vloeiempo van enige stortkop mag nie meer as 10 liter per minuut wees nie.
- 13 Spoeltoiletbakke mag nie 'n groter kapasiteit as 9,5 liter hê nie.
- 14 Geen outomatiese spoelbak of storttenk mag gebruik word om 'n urinaal te spoel nie.
- 15 Alle outomatiese spoelbakke wat aan urinale gekoppel is, moet vervang word met handgeaktiveerde stelsels of nie-handapparate wat die spoelstelsel slegs na elke gebruik van die urinaal in werking stel.

16 Aansluitwatertoebehore wat aan die buitekant van geboue buiten woonhuise geïnstalleer word, moet—

- (a) 'n selfsluitende toestel bevat; of
- (b) toegerus wees met 'n verwyderbare handvat; of
- (c) gesluit kan word om ongemagtigde gebruik te verhoed; of
- (d) van 'n aanvraagtype wees wat die hoeveelheid water by elke gebruik beperk.

17 Wateroudit

- (a) Grootmaatwatergebruikers (gebruikers wat meer as 10 000 kiloliter per jaar gebruik), uitgesonderd die wat uit veelvoudige wooneenhede bestaan, moet jaarliks 'n wateroudit doen. Die oudit moet uitgevoer word nie later nie as twee weke na die einde van elke finansiële jaar van die Stad. Die ouditverslag moet beskikbaar wees vir inspeksie deur beamptes van die Departement van Waterwese en Bosbou, die Waterraad (waar van toepassing) en die Stad.
 - (b) Die oudit moet die volgende uiteensit:
 - (i) die hoeveelheid water wat gedurende 'n finansiële jaar gebruik is;
 - (ii) bedrag betaal vir water vir die finansiële jaar;
 - (iii) die getal persone wat op die perseel of standplaas woon;
 - (iv) die getal persone wat permanent op die perseel of standplaas werk;
 - (v) 'n vergelyking van die bogemelde faktore met dié wat ten opsigte van elkeen van die vorige drie jare gerapporteer is (waar beskikbaar);
 - (vi) seisoensveranderinge in aanvraag (maandelikse verbruikersyfers);
 - (vii) gedetailleerde metodes van besoedelingsmonitering;
 - (viii) besonderhede van huidige maatreëls wat getref word om die aanvraag na water te bestuur;
 - (ix) besonderhede van toekomstige planne om wateraanvraag te bestuur;
 - (x) 'n vergelyking van die bogemelde faktore met dié wat in elkeen van die vorige drie jare gerapporteer is (waar beskikbaar); en
 - (xi) 'n raming van die waterverbruik van die verskillende komponente wat in gebruik is soos toestelle en aansluitwatertoebehore.
- 18 Niemand mag toelaat dat water wat as 'n hitte-uitwisselingsmedium in enige toerusting of toestel gebruik word en vanaf 'n waterinstallasie voorsien word, aanhoudend vermors word nie, behalwe as dit gebruik word om 'n voorgeskrewe vlak van totaal opgeloste vaste stowwe in 'n hersirkuleringsaanleg te handhaaf.

BYLAE 2

Pype wat gebruik word om drinkbare water te vervoer

(Artikel 51)

Koperpype

Klas 0- en Klas 1-koperpype mag nie vir ondergrondse doeleindes aangewend word nie, tensy op gepaste wyse met 'n huls beskerm.

Klas 0-koperpype mag nie gebuig, oopgesper of die ente uitgedy word en in 'n huls vir kapillêre-tipe soldeerwerk gevorm word nie.

Koperpype mag nie bronsgesweis of silwergesweissoldeer word nie.

Plastiekpype (poliëtileen, polipropileen, poliviniel)

Plastiekpype mag nie gebruik word in brandinstallasies of brand- en huishoudelike installasies bogronds waar sodanige installasie uit 'n toegewyde brand- of gekombineerde brand- en huishoudelike aansluiting vanaf die hoofwaterpyp voorsien word nie.

Plastiekpype wat drinkbare water vervoer, moet teen sonlig beskerm word.

Plastiekpype mag nie in 'n posisie gebruik word waar sypeling van gas of ander chemiese stowwe die water wat daarin vervoer word, kan besmet nie, tensy dit op gepaste wyse in 'n ondeurlaatbare huls beskerm word.

Waar plastiekpype gebruik word om warm water vanaf 'n vaste waterverwarmersinstallasie te vervoer, moet die eerste 1,5 meter pyp aan die uitlaatkant van die silinder koper wees.

Swart staalpype

Swart weekstaalpype en bybehorende toebehore mag nie gebruik word om water in huishoudelike installasies te vervoer nie, tensy dit op gepaste wyse aan die binnekant behandel en bedek is, en mag ook nie in die brandinstallasiegedeelte van 'n gekombineerde installasie op so 'n manier geïnstalleer word dat dit die drinkbaarheid van die water in die gedeelte wat vir huishoudelike gebruik bedoel is, nadelig affekteer nie.

Gegalvaniseerde weekstaalpype en watertoebehore mag nie gebruik word in installasies wat aan die hoofwaterpyp gekoppel is en met water daaruit voorsien word nie.

Enige pyp wat water vanaf die hoofwaterpyp vervoer nie as 'n integrale deel van 'n betonstruktuur geïnstalleer word of in of onder vloerblokke gelê word nie, tensy dit in 'n geskikte beskermingshuls is.

Veellaagpype

Dit sluit in P-EX, PE-ALUMINIUM-PE asook ander kruisgekoppelde poliëtileen ligte legering veellaagbuisstelsels.

Slegs veellaagpype en die goedgekeurde krimpstelsels, toebehore en gereedskap van vervaardigers wat in die jongste SABS-lys van aanvaarde waterkomponente aangegee word, mag gebruik word in huishoudelike installasies wat gebruik word om water vanaf die hoofwaterpyp te vervoer.

BYLAE 3
Ontwerpkriteria vir waterinstallasies
(Artikel 52)

TABEL 1


Tipe verbruiker	Opgaarruimte vereis
Hospitale, klinieke, verpleeginrigtings, ouetehuse en ander geboue waaruit okkupeerders nie gereedlik verwyder kan word in die geval van 'n onderbreking in die watertoevoer nie	250 liter vir elke bed waarvoor die gebou ontwerp is
Onderwysinrigtings	40 liter tot 50 liter per persoon
Veelvoudige wooneenhede wat die hoogte soos bepaal in artikel 24(2) oorskry, of wat meer as drie verdiepings het, watter ook al die laagste is	135 liter per wooneenheid
Hotels, losieshuse en hostelle	90 liter per persoon waarvoor die gebou ontwerp is (insluitende personeel)
Restaurantkombuise (bereiding van volledige maaltye)	8 tot 12 liter per maaltyd berei
Haarkappers en tandartse	4 ure se vraag per dag
Nywerhede (voorraad vir produksiedoeleindes)	8 ure se voorraad per dag

TABEL 2

Tipe verbruiker	Opgaarruimte vereis
Kommersiële persele (insluitende winkels en kantore)	70 liter vir elke 100 vierkante meter van die bruto vloerooppervlakte
Fabrieke	5 liter per persoon
Superwinkels (soos hipermarkte)	125 liter per spoeltoiletpan of 600mm bladurinaal
Onderwysinrigting	5 liter per persoon

BYLAE 4

Sertifikaat uitgereik ingevolge artikel 14(2)



BYLAE 4

NAKOMINGSERTIFIKAAT VAN WATERINSTALLASIE MET OORDRAG VAN EIENAARSKAP IN OOREENSTEMMING MET DIE WATERVERORDENING

ADRES VAN EIENDOM
.....
.....

ERFNOMMER.....

NAAM VAN VERKOPER.....

KONTAKBESONDERHEDE VAN VERKOPER.....
.....

NAAM VAN KOPER.....

Ek,, 'n geskikte, geakkrediteerde loodgieter, sertifiseer dat ek al die loodgieterswerk by die boonste adres nagegaan het en bevestig dat:

- 1) Die watermeter werk (registreer),
- 2) Daar geen defekte is wat kan veroorsaak dat water vermors word nie, en
- 3) Daar geen binnedringing van reënwater in die rioolstelsel is nie.

HANDTEKENING: DATUM:.....

NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE IN DRUKSKRIF:.....
.....

Dien voltooide vorm in per: Faks: 021 590 1504 of
E-pos: WaterTOC@capetown.gov.za

**ISIXEKO SASEKAPA
UMTHETHO WAMANZI, WAMA- 2010**

Ukurhoxisa uMthetho kaMasipala waManzi wonyaka wama-2006: wesiXeko saseKapa; ukubonelela ngolawulo lweenkonzo zamanzi kwiSixeko; nokubonelela ngemiba ehamba kunye nawo.

ULUNGISELELO LWAMACANDELO

Isahluko soku-1: Iinkcazelo kunye neZibonelelo ngokuBanzi

1. Iinkcazelo
2. Ukusetyenziswa kunye nenjongo
3. Amagunya oMlawuli
4. Amaqondo enkonzo
5. Ugunyaziso
6. Ilungelo lokungena kumaziko obonelelo lweenkonzo zamanzi
7. Amathuba kaxakeka afutshanisileyo neemeko ezidinga ukulungiswa ngoko nangoko
8. Imisebenzi yoluntu
9. Ukufunyanwa kwakhona kweendleko
10. Izaziso zokuhambelana
11. Uxanduva lokuhambelana noMthetho kaMasipala

Isahluko sesi-2: Izibonelelo eziNxulumene noNikezelo lwaManzi

12. Ukusetyenziswa kwamanzi okungagunyaziswanga
13. Isicelo sokunikezelwa kwamanzi
14. Ukutshintshelwa kobunini
15. Izivumelwano ezizodwa zokunikezelwa kwamanzi
16. Imibhobho ekwizitalato okanye kwiindawo zoluntu
17. Imirhumo
18. Ukupheliswa kwezivumelwano
19. Ukuphazamisana nenkqubo yokunikezelwa kwamanzi
20. Ukuthintelwa kwelungelo lokunikezelwa kwamanzi
21. Ubonelelo lombhobho wothungelwano
22. Uthungelwano phakathi kwemizi
23. Ubonelelo kunye nendawo yokwahlukanisa izivalo
24. Imiqathango ngokubanzi yonikezelo
25. Unyino okanye unqunyanyiso lonikezelo
26. Uphazamiseko lonikezelo ngesicelo somnini
27. Ukususwa kothungelwano lwamanzi
28. Ukulinganiswa kwamanzi anikezelwayo
29. Ubungakanani bamanzi anikezelwayo
30. Amanzi anikezelwe esuka kwimibhobho yamanzi kamasipala
31. Ukuthengiswa ngokutsha kwamanzi
32. Izilinganisi zamanzi ezinesiphene
33. Uqikelelo lobungakanani bamanzi anikezewe umsebenzisi wenkonzo ngezilinganisi zamanzi esineziphene
34. Ukulungiswa ngokutsha kobungakanani bamanzi anikezelwe xa isilinganisi zamanzi besinesiphene
35. Imilinganiselo ekhethekileyo

Isahluko sesi-3: UNyino lwaManzi nokuLondolozwa kwaManzi

36. UNyino lwamanzi
37. Inkcitho yamanzi
38. Ilondolozo lwamanzi nonyanzeliso lolawulo

Isahluko sesi-4: Okuhlangene neenkonzo zamanzi

39. Ubhaliso
40. Unikezelo lweenkonzo zamanzi
41. Iirhafu zonikezelo lweenkonzo zamanzi

Isahluko sesi-5: Ulwamkelo lweeplani zezakhiwo

42. Inkqubo yolwamkelo lweeplani zezakhiwo
43. Ulwandiso lwexesha lolwamkelo
44. Imizobo
45. Likopi zemizobo emayigcinwe kwindawo yolwakhiwo
46. Umsebenzi ongagunyaziswanga

Isahluko sesi-6: Ufakelo ngaBantywini bemibhobho yamanzi

47. Abantu abavumelekileyo ukwenza ufakelo neminye imisebenzi
48. Uxanduva lomnini wesakhiwo nomhlaba

Isahluko sesi-7: Ukubulawa kweentsholongwane

49. Ukubulawa kweentsholongwane kufakelo lwemibhobho yamanzi, kuqukwa namatanki okugcina amanzi.

Isahluko sesi-8: Iimfuno zoFakelo lwaManzi ngokuBanzi

50. Unikezelo nokulolongwa kofakelo lwemibhobho yamanzi
51. Imibhobho eyamkelekileyo nezixokelelwano zofakelo lwamanzi
52. Iinqobo ezisemgangathweni zoyilo ukulungiselela ufakelo lwamanzi
53. Amatanki okugcina amanzi
54. Uthintelo longcoliseko lwamanzi

Isahluko sesi-9: Ufakelo lwezixhobo zomlilo

55. Ufakelo lwezixhobo zomlilo

Isahluko se-10: Izibonelelo zezinto ngezinto ngokubhekiselele kumanzi angalungele ukuselwa

56. Ukusetyenziswa kwamanzi avela kweminye imithombo engengawo lawo anikezelwa ngumasipala
57. Amaqula, umngxuma wesitsala-manzi, imithombo nakwimixuma
58. Isaziso sokumba imingxuma yezitsala-manzi, amaqula nemithombo
59. Ukunikezelwa kwamanzi angalungele ukuselwa sisiXeko
60. Ukhanyelo ngokubhekiselele kumgangatho wobunjani bamanzi angalungele ukuselwa
61. Izaziso zokulumkisa
63. Iinkqubo zonkcenkceshelo

Isahluko 11: Izibonelelo ngokubanzi

63. Izibheno
64. Amatyala nezohlwayo
65. Ukukhululwa ekuthwaleni uxanduva
66. Ukurhoxisa nolondolozo
67. Isihloko esifutshane

Uludwe lweenkqubo

1. Ulondolozo lwamanzi nolawulo lwamabango
2. Imibhobho esetyenziselwa ukuhambisa amanzi okusela
3. Iinqobo zoyilo ezisemgangathweni ukulungiselela ufakelo lwamanzi
4. Isatifiketi

INTSHAYELELO

NJENGOKO icandelo-156(2) nele-(5) oMgaqo-siseko ebonelela ngokuba umasipala angenza kwaye alawule imithetho kamasipala ukuze kulawule ngokufanelekileyo imibandela apho onelungelo lokuyilawula, kwakhona usebenzisa naliphina igunya ngokujoliswe kuloo mbandela uboanakala kufanelekile ukuba kwenziwe oko, okanye kuloo mbandela ujolise ekuphunyezweni ngokufanelekileyo kwendlela yokusebenza kamasipala;

KWAKHONA NJENGOKO uMhlathi-B weSheduli-4 yoMgaqo-siseko othi udwelise iinkonzo zamanzi nezococeko ngokujoliswe kwiinkqubo zobonelelo ngamanzi aselwayo nenkqubo zokucocwa kwamanzi amdaka nogutyulo njengombandela woburhulumente bengingqi/boomasipala, nanjengoko kwakhona kuqulunqiwe kwicandelo-155(6) (a) nele (7);

KWAKHONA NANJENGOKO isiXeko saseKapa sizama ukuqinisekisa ngolawulo nokumisela ngokomgaqo iinkonzo zamanzi kummandla waso esigunyaziselwe wona.

UMTHETHO OWISWE liBhunga lesiXeko saseKapa, ngale ndlela ilandelayo:—

Isahluko 1

IINKCAZELO NEZIBONELELO NGOKUBANZI

Iinkcazelo

1. Kulo Mthetho kaMasipala, ngaphandle kokuba ubume buchaza enye into—

“igosa eligunyazisiweyo” lithetha igosa lesiXeko elinoxanduva lokumiliselela nokunyanzelisa izibonelelo zalo Mthetho kaMasipala;

“unikezelo lwesiseko lwamanzi” luthetha ubuncinane bemigangatho yeenkonzo zonikezelo lwamanzi ezifunekayo ukulungiselela unikezelo lwamanzi oluthembekileyo kumakhaya ukuxhasa impilo kunye nemithetho yempilo yococeko lomntu echazwe ngokwemiqathango yoMthetho weeNkonzo zaManzi, we-1997 (UMthetho onguNombolo 108 we-1997);

“umngxuma wesitsala-manzi” uthetha umngxuma ogrunjwe emhlabeni ngenjongo zokufumana indawo, ukutsala okanye ukusebenzisa amanzi angaphantsi komhlaba, nokubandakanya umthombo, kunye nendawo yomthombo;

“isiXeko” sithetha isiXeko saseKapa esisekwe ngeSaziso esingu Nombolo 479 sama-2000 ngokwemiqathango yecandelo le-12 loMthetho kaMasipala: uMthetho woLwakhiwo lukaMasipala, we-1998 (uMthetho onguNombolo 117 we-1998);

“UMlawuli wesiXeko” uthetha umntu oqeshwe liBhunga njengomlawuli kamasipala ngokwemiqathango yecandelo lama-82 loMthetho kaMasipala: uMthetho woLwakhiwo lukaMasipala, we-1998 (uMthetho onguNombolo 117 we-1998);

“umbhobho wokudibanisa” uthetha umbhobho, obunini bawo obukulawulo lweSixeko yaye ufakelwe siso ngenjongo zokuhambisa amanzi asuka kumthombo aye kufakelo lwemibhobho yamanzi, yaye ubandakanya **“umbhobho onxibelelayo”** ekubhekiselelwe kuwo kwiSANS 10252: ISahlulo soku- 1; sama-2004

“umsebenzi wenkonzo” uthetha nawuphi na umntu osebenzisa amanzi avela nakuluphi na ufakelo oludityanise kumbhobho wokudibanisa onikezela ngamanzi asuka kwidama elo;

“iBhunga” lithetha iBhunga lesiXeko okanye naluphi na uyilo lopolitiko, umthwali woxanduva lweofisi yezepolitiko, uCeba okanye umsebenzi weSixeko, ogunyaziswe ngokufanelekileyo ngokunikezelwa amagunya;

“uMthetho kaMasipala woLawulo lweTyala nokuQokelelwa kweTyala” uthetha iSixeko saseKapa: uMthetho kaMasipala woLawulo lweTyala nokuQokelelwa kweTyala, wama-2006;

“iinjongo zasekhaya” ngokunxulumene nonikezelo lwamanzi kuthetha ukunikezelwa kwamanzi okusela, awokuhlamba neenjongo zokupheka kungabandakanywa izindlu zangasese neendawo zokuchamela;

“UMlawuli” uthetha umqeshwa onoxanduva lwamanzi nococeko kwisiXeko;

“inkathazo kwimpilo” ithetha imeko okanye ubume obunokuthi bube yingozi kubomi okanye impilo, okanye bube nempembelelo embi kwimpilo okanye kwimpilo yasengqondweni yomntu okanye yoluntu, okanye izale ingozi kwindalo, yaye **“ubungozi kwimpilo”** bunentsingiselo ehambelana nale;

“umsebenzi wofakelo” uthetha umsebenzi obhekiselele kulwakhiwo, okanye ukuqhutywa, ukufakelwa kwemibhobho yamanzi;

“umbhobho oyintloko” uthetha umbhobho, ngaphandle kombhobho onxibelelanayo, ubunini obuphantsi kwegunya lesiXeko yaye usetyenziswa siso ngenjongo zokuhambiselela abasebenzisi amanzi;

“isixhobo sokulinganisa” sithetha isixhobo esilinganisela ubungakanani bamanzi aphuma kuso njengoko kubonakalisiwe kuMthetho onezoRhwebo ngezoXhobo zokuLinganisela ubungakanani onguNomb.77 wangowe-1973;

“umhlali” uthetha umntu ohlala kuzo naziphi na izakhiwo okanye kwinxalenye yazo ngoko, ngaphandle kokuthabatha ingqalelo kwitayitile ahlala phantsi kwayo;

“inqanaba lolawulo likarhulumente” lithathe inqanaba lolawulo laseburhulumente njengoko licacisiwe kwicandelo-239 loMgaqo-siseko;

“umnini” uthetha—

- (a) Umntu ekuthi ngamaxesha amaninzi kunikezelwe kuye itayitile esemthethweni

yezakhiwo;

- (b) kwimeko apho umntu lowo onetayitile esemthethweni kwisakhiwo kuze kutshone ishishini lakhe okanye abhubhe, okanye abe phantsi kobume bokulimala obusemthethweni nangayiphi na indlela, umntu lowo itayitile esemthethweni yesakhiwo isesandleni sakhe lithe ishishini lakhe latshona okanye wasweleka, okanye unokulimala okusemthethweni nangayiphi na indlela, umntu lowo ulawulo lwezakhiwo ezo lusesandleni unikezelwa njengomgcini, umphathiswa, umlawuli, umgwebi, umthengisi wempahla yeshishini okanye ummeli womthetho;
- (c) nakuyiphi na imeko apho iBhunga lingenakho ukuqinisekisa ngobunini bomntu lowo, umntu onelungelo lwesibonelelo sokusebenzisa loo mhlaba okanye isakhiwo okanye izakhiwo ezilapho;
- (d) kwimeko yezakhiwo apho kuqunjelwe isivumelwano sengqesho seminyaka eli-10 okanye ngaphezulu kwakhona saye sabhaliswa kwii-ofisi engeTayitile zobunini, umqeshisi uye achaphazeleke;
- (e) umntu othenge umhlaba/isakhiwo kwisiXeko, ngokwemiqathango ngaphantsi kwenkqubo evumela ukuba ixabiso lokuthenga malihlawulwe ngezavenge yaye awukakhutshelwa egameni lakhe siSixeko;
- (f) ngokuhambelana—
- (i) nesiqingatha somhlaba esicaciswe kwisicwangciso secandelo lomhlaba obhaliswe ngokwemiqathango yoMthetho weeTayitile zamaCandelo, we-986 (uMthetho onguNombolo 95 we-1986), umphuhlisi okanye iqumru lamashishini amanyeneyo ngokubhekiselele kumhlaba/isakhiwo sawo onke; okanye
- (ii) icandelo njengoko lichaziwe kuMthetho weeTayitile zamaCandelo, umntu ekubhaliswe ngalo elo candela ubhaliswe phantsi kwetayitile yeCandelo kwaye kubandakanywa nearhente etyunjwe ngokusemthethweni yomntu lowo;

“umntu” ubandakanya umntu osemthethweni kunye nalo naliphina inqanaba laseburhulumenteni;

“ungcoliseko” luthetha inguqu ethe ngqo nengathanga ngqo yesakhiwo, ikhemikhali okanye eyebhayoloji yemithombo yamanzi ukulungiselela ukulwenza—

- (a) lungayifaneli nayiphi na injongo enokuba nolutho enokuthi ilindeleke xa lutyelwaseyenziswa; okanye
- (b) lube yingozi okanye lubonakala lunokuba nobungozi—
 - (i) kwintlalontle, kwimpilo okanye ukhuselo lwabantu,;
 - (ii) kwizinto zendalo zasemanzini nezasemhlabeni;
 - (iii) kukulunga kobunjani bezibonelelo; okanye
 - (iv) kumhlaba/kwizakhiwo;

“isaziso sikawonke-wonke” sithetha isaziso esipapashiweyo kwiphepha-ndaba ngeelwimi ezintathu ezisesikweni zeSixeko;

“upapasho” luthetha—

- (a) Upapasho lwesaziso kwiGazethi yePhondo;
- (b) Ukubonelela amaqela achaphazelekayo ngeekopi zopapasho olo; kunye
- (c) Ukuxhonywa kwesaziso esipapashiweyo kwiibhodi zesaziso zesiXeko;

